# *Balsem In Gilead*

. . . sê baie. Laat ons net 'n oomblik bly staan vir gebed. Ek hou altyd daarvan om met die Outeur te praat voor ek Sy Boek oopmaak. Dink julle nie dis 'n goeie idee nie?

2 Iemand het eenkeer gepraat, ek het *een of ander iets* gesê, en—en die man het gesê: dit was 'n goeie vriend van my, omtrent almal van julle ken hom, en hy preek in sewe tale, Booth-Clibborn, julle het van hom gehoor, reken ek, William Booth-Clibborn, en hy het vir my gesê, hy het gesê: "Maar, Broer Branham, jy ken net nie jou Bybel nie."

3 Ek het gesê: "Maar ek ken die Outeur baie goed." Dis . . . ? . . . As ek die Outeur ken, dan dink ek dat Hy my Sy Woord sal leer. So, laat ons nou met Hom praat, voor ons in Sy Woord ingaan.

4 Ons Hemelse Vader, die Outeur van hierdie Woord, die Outeur van die Woord van God, "Die Woord was God en het vlees geword, en onder ons gewoon," ons nader U in die Naam van Jesus, U Seun, ons Verlosser. Ons het Hom lief, Vader, omdat Hy gehoorsaam was tot die dood. Die toorn wat veronderstel was om oor ons te kom, is uitgestort op Hom op Gólgota, daar het Hy in ons plek gely dat ons vry kon gaan. Geen wonder mense was nooit in staat om uit te druk watter liefde Vader gehad het vir die gevalle ras van Adam nie, om Sy Seun te gee om te ly, om ons te verlos deur Sy genade.

5 En, Vader, ons bid, vanaand, dat U ons sal seën in ons pogings, vanaand, soos ons kom om gemeenskap te hou rondom die Woord. Mag die Woord 'n lamp wees vir ons voete, 'n Lig wat ons sal lei, dieper dieptes, en hoër hoogtes in die liefde van God. En genees die siekes vanaand, Vader. Hierdie is die aand wat ons vir die siekes moet bid, ons vra dat U elkeen van hulle sal genees.

6 Seën hierdie kerkie, O God, seën sy kosbare, klein pastoortjie, Broer Buntain, en sy dierbare broer wat ek pas ontmoet en mee hand geskud het van Calcutta, ek bid, Vader, dat U hierdie seuns sal seën. En dink aan hulle goddelike ou vader daarbo, en toe hy hulle rondgedra het as klein seuntjies, hoe, miskien, hy geglo het dat U eendag predikers van hulle sou maak soos hierdie, en ons is bly, Here, God beantwoord gebed, ons weet dit. So, antwoord ons s'n vanaand, Vader, en ontvang eer uit ons byeenkoms. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

7 Mag maar sit. Hierdie is so 'n groot voorreg om in diens van God te vergader. En julle weet, omtrent tyd dat ons al die snaakse gevoelens verdryf, dan is dit omtrent tyd om te vertrek, julle sien. Wanneer ons inkom, en net die heeltyd sê: "Aangename kennis?" en dan is die bediening heeltemal nuut, en ek's nuut, en voor jy jou kom kry, neem dit 'n rukkie om ons almal soort van bekend te

maak met mekaar, die Heilige Gees onder ons laat beweeg om te sien dat ons broers en susters is, julle sien, dat daar niks verkeerd is met ons nie, en ons net God se kinders is.

8 En die bediening wat God my gegee het, wel, dis vir julle, en dis liefde, uitdrukkings van liefde. En dan sê ons: "Totsiens," en gaan êrens anders heen. En ek het probeer, ek kan nie dink aan daardie naam van daardie plek nie, ek noem dit . . . Billy het gesê: "Waarnatoe dink jy gaan ons, Pappa?"

9 Ek het gesê: "Venezuela." Dit sou ver weg wees, sou dit nie? Maar egter, ons was in Venezuela, was daar, ons het nooit dienste daar gehad nie.

10 Maar—maar ons verwag dat die Here wil . . . Ek het my goeie vriend, Broer Kopp daaragter, ontmoet, en wil, ons weer terugnooi na Kalifornië, en—en dan verskillende plekke rondom die nasies. En ons moet al ons onderhoude klaarmaak wat—wat . . . Hoe ons dit doen . . . Die pastoor het nou die dag iets gesê, hoe daardie onderhoude waaroor ons gepraat het.

11 Wel, daar's—daar's dinge in mense se lewens wat hulle nie weet watter kant toe om te gaan nie, hulle is net—hulle is net aan die einde van die pad, dis al. Hulle weet nie . . . Ek glo dat die Woord van God alles oplos wat ons nodig het, glo julle dit nie? Dis reg. Maar nou, byvoorbeeld, as dit iets sou sê van verlossing, dan verduidelik die Woord van God dit.

12 Nou, maar wat as dit iets is wat die Woord van God nie *Hier* geskryf het nie? Dan het God niks nodig nie, Hy stuur die verskillende gawes om daarvoor te sorg. En dan, in die Ou Testament ons . . . die Here het vir ons manne gegee waarnatoe hulle sou gaan, en hulle raadpleeg en vra oor wat sou gebeur. En hulle is grootgemaak van babatjie af, en het die Woord van die Here gehad, en hulle was verseker dat as hierdie siener kon sien wat die Here vir hulle gesê het, wel, dit—dit was—dit dit was.

13 Wel, ek's nie 'n siener nie, ek's nie 'n profeet nie, maar ek—ek's net 'n arme Heiden wat die Here my laat gebruik om die Heidense mense in hierdie dae te help, julle sien. Ek glo dit word iewers in die Bybel beskou as een of ander gawe, maar wat dit ook al is, dit, dis 'n klein, en dit is nie die betekenis daarvan nie, dis wat ons kan doen om iemand te help om nader aan God te kom.

14 En soos ons maak, die mense skryf in by die huis, en dan kry ons hulle adresse, en dan 'n naam teken, en vir hulle 'n kaartjie terugstuur. En enige plek in daardie gemeenskap, in daardie gemeenskap, dan stuur ons vir hulle wie om te kom. Wel, dan gedurende die tyd van die dag, soos hier die rede waarom baie van julle nie geweet het waarom ons nie hierdie onderskeidingsdienste elke aand gehad het nie, wel, die dagtyd neem dit alles uit, sien, en jy's so swak en moeg, dat jy dit nie in die nag kan doen nie.

15 En so ons. . . Die mense kom in en gaan sit. Ek weet nie wie hulle is nie, ek vra hulle nie. En ons wag net daar totdat die Heilige Gees kom en die hele ding uitbring, hulle vertel wat hulle gedoen het, waar hulle hulle fout gemaak het, wat hulle veronderstel is om te doen, en—en alles net soos dit is. . .

16 En julle sou verbaas wees, dokters, prokureurs, sakemanne, en alles van regoor die land, van Afrika, van Asië, van Duitsland, van Switserland, hulle kom van regoor die land, daar gesit en wag, maande, en alles. En ons skryf net vir hulle, in plaas van hulle almal daar op te hoop, en baie van hulle gaan teleurgesteld huis toe, ons wag net tot hulle tyd kom en dan bring ons hulle in.

17 Nou, in Kalifornië, hier, het ons dienste. En hier het party mense soveel as drie jaar of langer gewag. En dan, sodra ons by hulle kan uitkom, gaan ons nie weg nie, ons bly net daar totdat die Heilige Gees spreek. En dan weet hulle wat om te doen, vertel hulle hoe om dit te doen, en hoe dit is, en dit het nog nooit een keer gefaal nie, want dis God. Ons is dankbaar daarvoor, baie dankbaar teenoor ons Hemelse Vader wat. . . en predikers by die honderde. So ons—ons het 'n kamer waarnatoe ons hulle neem, en hulle weet wanneer hulle afspraak, en net presies wanneer dit is. Dan is dit. . . ons kom net. . .

18 Nou, partymaal sal ek buite rondloop, of miskien in gebed vir iemand anders, en Hy sal my 'n visioen wys oor waarheen om te gaan om iemand te vind, of iets te doen, dan gaan ek reguit soontoe en doen dit net nou, want dis God Self wat spreek, dit gebruik, sien. So ek maak altyd net so. . . probeer maak soos Hy vir my sê. Ek is jammer om te sê ek faal Hom soveel keer. Ek skaam my voor Sy Kerk vanaand, om 'n belydenis soos hierdie te maak, maar daar is baiekeer wat—dat ek Hom gefaal het, en ek. . . Bid julle vir my dat ek—dat ek Hom nie meer sal faal as wat menslik moontlik is nie.

19 Ek, baiekeer, weet ek as ek gegaan en sekere dinge gedoen het, sou dit anders gewees het. Maar net iemand wat aan jou trek *hierdie* kant toe, en iemand wat *hierdie* kant toe trek, en—en dit—dis so moeilik, en goeie vriende wat jy baie liefhet, en—en partymaal kom jy uit die wil van die Here, in elk geval, dis soort van 'n dubbele bediening. Hierdie is evangelistiese bediening. Daardie ander. . . Onthou hoe die ou sieners gemaak het? Hulle het buite in die wildernis gebly, daarbuite gebly totdat God vir hulle gesê het om iets te doen, hulle sou reguit instap, hulle boodskap oordra, en weer teruggegaan na die wildernis. Sien? En dis die verskil daarvan.

20 Nou, maar ons is so bly om te weet dat ons Hemelse Vader, van die Ou Testament, dieselfde Een wat in Jesus Christus Sy Seun was, dieselfde Een is in Sy Kerk vandag, sien. O, roer dit nie net jou hart om te weet dat in die dag dat wanneer daar soveel is. . .? Hulle sê goed, die verskillende organisasies sê: "Ons het

*dit*, kom hiernatoe." Die verskillende nasies sê: "Ons het *dit*, kom hiernatoe." Maar Hy's die Een wat *dit* het.

21 So, ons is net so bly dat Hy afkom en vir ons bewys deur die Bybel, net wat Hy gaan doen, en afkom en doen net wat Hy gesê het Hy sou doen, dan daar terug in die Bybel kyk en sien dit net bladsy vir bladsy ontvou soos Hy gesê het Hy sou doen. Wonderlik, wonderlik!

22 Hoeveel het die Sakemanne se Stem hierdie keer gekry? Die Sakemanne se Stem. Ek waardeer daardie artikeltjie, daardie visioen, hy het 'n deel daarvan daarin gesit wat baie mooi is dat, ek veronderstel is geskryf deur Broer Tommy Hicks. Dit—dit het 'n verandering in my gebring. Ek was altyd bang vir die dood, ek het gedink ek sou . . . wou nie 'n gees wees nie.

23 Ek—ek weet nooit niks nie, dis waarom die Engel van die Here, Wat met my praat, ek weet van God is. Want Hy . . . Eerste plek, as Hy vir my een ding sou sê wat nie God se Woord was nie, sou ek dit nie glo nie. Nee, meneer. Ek gee nie om wat dit is nie, dit moet God se Woord wees. Sien? En daar's allerhande soorte engele, julle weet, ons weet dit. Maar die . . . Paulus het gesê: "As 'n Engel kom en enige ander evangelie verkondig as hierdie wat ek verkondig het . . . " Sien?

24 En toe ek daar gekom het, en hierdie klein, ek weet nie, ek wil nie sê, die groot Paulus naboots nie, beslis nie, ek sal dit vir niks doen nie, ek weet nie, dit was waarskynlik 'n visioen, maar daar's een ding wat ek weet, ek was nie aan die slaap nie. En—en as dit 'n visioen was, het ek nog nooit tevore in my lewe een soos daardie gehad nie. Ek was net omtrent so hoog soos daardie pilare, of balke, wat julle dit *daar* noem, daardie plafonteëls *daar*, ek wat net omtrent so hoog was en teruggekyk het na myself. En net soveel as wat ek net hier staan, reguit terugkyk, en ek kon myself daar sien lê, het 'n baie snaakse gevoel gehad, ek het gedink ek het 'n hartaanval gehad en gesterf. En ek het gedink: "Wel, as hierdie die dood is, goeiste, hierdie is wonderlik!"

25 En ek—ek sê julle Christene net nou, julle het nie een ding om oor bekommerd te wees, as julle in Christus is nie. Moet nooit die dood vrees nie, die dood het geen vrees nie, nee, nee, nee, dis 'n vreugde.

26 En ek het daardie vroue daar ontmoet. En, eerlikwaar, ek—ek voel, partymaal, ek was 'n bietjie hard op my susters. Ek . . . Nie—nie om wreed te probeer wees nie, maar ek—ek wil nie hê hulle moet wees soos die res van die wêreld nie, ek's—ek's jaloers op hulle. Sien? Ek, net, ek—ek wil hê hulle moet ware Christene wees, ek wil hê hulle moet so lyk, so optree, en soos dit wees, en eg wees.

27 Ek, en dis waarom ek ywerig is vir my broers. Ek wil hulle nie in ou sosiale evangelies hê nie, asof jy uit een of ander broeikas hierbuite kom, ek wil hê hulle moet ware manne van

God wees, staan en nie toegee op daardie Woord nie, dit regtig daar uitlê. Dis—dis. . .Dit beteken nie dat ek my broers probeer seermaak nie, ek—ek het hulle te lief daarvoor, ek het mense te lief daarvoor. Maar, eintlik, tugtig liefde, het julle dit geweet?

28 Nou, moeder, ek wil vir jou iets vra, of dogter wat nog nie moeder is nie: As—as jou moeder, of jou kind, hierbuite in die straat was, en jy weet daardie klein afvalliges wat deur die strate hardloop, en wat half dronk is, en alles, daardie kind gaan doodgemaak word, en dit nie van die straat af sou bly nie, sou jy sê: "Wel, skat, gaan net voort en gaan uit op die straat, ek reken dit sal in orde wees"?

29 Nie die. . .Jy sou nie daardie baba liefhê as jy so opgetree het nie. Ware liefde sou daar uitkom, en jy sou dit so dissiplineer en dit pakgee, totdat dit van daardie straat afgebly het. Is dit reg? Moet dan nie kwaad word vir my nie. Sien? Wil net hê julle moet wegbly van die dinge van die wêreld, dis reg, bly net weg daarvan, kom weg daarvan.

30 Nou, organisasies, julle hoor my hulle nou en dan pak gee. Nou, ek bedoel nie om te sê die organisasie is nie reg nie. Nee, meneer. Maar julle sien, jy bereik net 'n punt waar jy sê: "Ek behoort aan die Kerk van God." "Ek behoort aan die Gemeentes." Dis net dieselfde as wat julle altyd gespot het met die Metodiste wat dit sê, en die Baptis en Presbiteriaan, en ons het reg in dieselfde groef beland. Sien? Nou, hulle is goed, Metodis is goed, Baptis is goed, Gemeentes van God, Kerk van God, hulle is alles, goed.

31 Maar broer, wanneer, jy sien, maak nie saak waar dit is nie, nou, geestelik-gesinde mense, ek hoop julle verstaan, julle sal dophou, dat die eerste ding waarvan jy weet, net soos die eerste rondte apostels, hulle almal Gees-vervuld was, het die tweede rondte begin padgee, die derde rondte het weer padgegee, en in die vierde rondte, het hulle reguit in heidendom ingegaan. En dan Roomsheid, en Heidendom, en Christendom, en almal saam gekonsolideer en 'n universele kerk gemaak. En van daar af. . .

32 Sien, dis dieselfde ding, Martin Luther het 'n ware herlewing gehad, toe Luther gelewe het, hy het dit reg gehou. Het julle geweet Martin Luther het in tale gepraat? Ja, meneer, het beslis. En hy het groot tekens en wonders gehad. Maar toe Luther gesterf het, wat het gebeur? Die kerk het georganiseer, en daar het sy gegaan. Nog 'n rondte het opgekom deur die broeikas, en hulle het almal weggegaan.

33 Nou, sien, Martin Luther, hy het net die groot Vuurkolom gesien, en hy het Dit gevolg. En, maar wat het hy gedoen. . . wat het hulle gedoen? Hulle het reg onder hierdie Vuurkolom georganiseer, en jy kan God nie organiseer nie. So, die Vuurkolom het beweeg, en Luther kon nie Daarmee saam beweeg nie, want hy was georganiseer.

34 Toe het John Wesley gesien, en daar het hy gegaan met heiligmaking. En wat het hulle gedoen na die dae van Wesley? Hulle het dit georganiseer. En wat het dit toe gedoen toe die doop, toe het Dit weer uitbeweeg, die doop van die Heilige Gees? Toe het die Pinkster dit gesien, en daar is hulle agter dit aan. Maar wat het hulle gedoen? Dieselfde ding wat die res van hulle gedoen het, reg onder dit georganiseer. Na die eerste rondte van die ou vaders, omtrent veertig, vyftig jaar gelede, het hierdie jong kêrels ingekom, toe het die jong kêrels en die kleinkinders begin kom. Daar het julle dit, sien, reguit terug, dieselfde ding.

35 Maar onthou, broer, daardie Boodskap is veronderstel om die volk te skud, of, die Kerk te skud. Julle moenie soek na een of ander groot *ding* om in alle gange af te kom nie, die Boodskap van God sal presies aan die uitverkore Kerk wees. Hierdie tekens en wonders sal nooit voor die wêreld gedoen word nie, hulle is nie veronderstel nie.

36 President van die Vier Rose Whisky Maatskappy, sy vrou was, sy's 'n Sending Alliansie, en sy was in een van die dienste, sy het Broer Bosworth geskakel, wat 'n Sending Alliansie was, en gesê: "Die ding daarvan is, jy laat nie daardie gawe aan die gang kom nie." Gesê: "Wat ek gisteraand gesien het, gedoen sou word in die hoofstede, ensovoorts, van die volk, wel," gesê: "dit sou bekeer, sou die hele wêreld na Christendom bring." Maar julle sien, dis nie na hoofstede van nasies gestuur nie, sien, dis gestuur na die uitverkore Kerk. Jy sien, jy's nie . . .

37 "O," sê hulle: "sit jou naam op yslike groot borde, en tref die groot senuweesentrums, kom op televisie." Dit was nie daarvoor bedoel nie, ek is net na julle toe gestuur, die Kerk, sien, dis reg. Nou, glo julle Dit met julle hele hart.

38 Ek wil hier sê, terwyl ek in die kerk is, hierdie was beslis 'n wonderlike tyd vir ons, ons waardeer Broer Buntain, en tot die medewerkers, en broers, al julle mense. En veral julle mense, in tye van nie-genesingsdienste, net kom en hier staan, aanploeg, en dit net laat val waar dit wil, en, maar net getrou bly aan die Woord.

39 Ek het nie een woord gesê wat ek moet terugtrek nie, en ek het nie een woord gesê wat die Bybel nie sê nie, dis reg, of wat ek dit nie kan bewys deur die Skrif nie, so dit was reg volgens die Woord. En die geseënde Heilige Gees het die heeltyd reg saamgekom, die Woord net die heeltyd bevestig, net presies.

40 En julle dierbare mense het elke aand gekom, en hierdie plek volgepak, en net gekom. Ek waardeer dit, dis baie goed. Ek bid dat nie een van julle verlore sal gaan nie, elkeen van julle in die Koninkryk van God sal wees, en, ek bid.

41 Ek bid dat daar sal . . . hierdie herlewing nooit sal eindig in hierdie klein Gemeente van God kerkie hier op die hoek nie. Ek bid dat die Lig en krag van God hiervandaan sal versprei, totdat

dit die hele Weskus bereik, en ek—ek vertrou dat hierdie kerk ’n voorbeeld sal wees, ek vertrou so. En ander Gemeentes van God, en Baptiste, en Metodiste, en oral, en net aan die brand sal raak, oral.

42 Sien, broers, ons is nie verdeeld nie, ons—ons kan nie verdeeld wees nie, ons is mense. Julle weet, Metodiste eet dieselfde soort kos wat julle eet? Baptiste doen dieselfde ding. Katolieke het hulle kinders lief net soos julle julle s’n liefhet; Katolieke mans het hulle vroue lief soos julle julle vroue liefhet, en die mans, vroue het mekaar lief; hulle wil Hemel toe gaan net soos julle. Sien?

43 So ons verskilletjies, laat ons dit vergeet, laat ons ’n arm uitsteek na almal, net uitreik, en intrek, in liefde na die Koninkryk van God.

44 Het julle opgelet wat Hy vir my gesê het? Ek het altyd geglo, en glo altyd, dat daardie krag van liefde die praat in tale oortref, dit uitroep oortref, dit alles oortref waarvan ek weet, dit was altyd my tema:

> Dierbare sterwende Lam, U kosbare Bloed
> Sal nooit sy krag verloor nie,
> Tot die hele losgekoopte Kerk van God,
> Gered is om nooit weer te sondig nie.
>
> Vandat ek deur geloof daardie Stroom gesien het,
> Wat U vloeiende wonde voorsien het,
> Was verlossingsliefde my tema,
> En sal wees totdat ek sterf.

45 Dan as ek die Kerk van God waarlik liefhet, wat Christus gekoop het met Sy Eie Bloed, hoe kan ek stilbly en Dit sien erger word? Ek kan dit nie doen nie, ek kan net nie, broer. As my broers my uitgooi, kan ek—ek dit net nie help nie, sien, maar ek—ek moet getrou bly aan hierdie Woord, sien, dis my—dis my werk.

46 Nou, ons gaan ’n gebedsry hê vanaand, en vir die siekes bid. En so, ek’s seker dat dit ’n goeie manier sou wees vir ’n afsluiting van die diens hier in die kerk. En hulle sê vir my dat hulle vir my ’n liefdesoffer gegee het hier by die kerk. Wel nou, ek—ek het nie daarvoor gevra nie, vriende, ek het nie hiernatoe gekom daarvoor nie, ek het gekom vir gemeenskap met julle, en met julle pastoortjie hier, ek, dis waarvoor ek gekom het, nie ’n offerande nie. As julle nooit een rooi sent gee nie, sou julle. . .sou ek net dieselfde wees, sien, ek—ek waardeer dit net so, sien, en dis nie waar. . .

47 Ek het nog nooit in my lewe, ek’s een-en-vyftig jaar oud, ek het die Evangelie vir een-en-dertig jaar gepreek, ek was die pastoor van die Baptiste Tabernakel vir sewentien jaar, en het nog nooit in my lewe ’n offerande opgeneem nie, nog nooit in my lewe nie. Ek was vir sewentien jaar pastoor gewees in die

Baptiste kerk daar by Jeffersonville, Indiana, en het nooit eens 'n kollektebordjie in die kerk gehad nie. Dis reg. Nie omdat hulle dit nie wou doen nie, omdat ek in staat was om te werk, so ek het net uitgegaan en gewerk, harde werk, ook, dertig, vyf-en-dertig myl per dag geloop, gepatrolleer, en sulke dinge, deur die wildernis, en gewerk op hoë drade, en wat ook al gekom het om te werk, my lewe te maak, ek was geen las vir die mense nie.

48 Ek het die Here lief, dis dit, sien, dis nie geld nie, dis nie daardie dinge nie, dis om—dis om die Kerk van God te probeer kry, en almal van ons bymekaar, om op te gaan in daardie groot Wegraping. Ek hou die einde dop, is wat ek dophou, soos ek julle vertel het van fietsry. As julle *hier* kyk wat nou aangaan, sal julle—sal julle beslis van die plank afval, maar as julle net julle oog op die einde hou, en standvastig bly, net aanhou om die einde dop te hou, sien, julle nie so senuweeagtig sal raak nie, sien. "O, hoe gaan *hierdie* wees? Hoe gaan *daardie* wees?"

49 Wanneer ek in 'n diens inkom, partymaal, let ek op my kêrels, ek roep hulle, my groep, hulle sal inkom: "Broer Branham, hierdie het gegaan . . . " Ek hou net aan om die kruis dop te hou, sien, hou net aan, dit sal reg wees, dis alles reg. Dit het nog nooit gefaal nie, so dit sal net nie faal nie, dis al. God het dit belowe, en dit kan nie faal nie, God het so gesê. En so het ons Hom lief daarvoor.

50 Nou, ons gaan 'n Skrif lees, en net 'n klein—'n paar woordjies hê vanaand. En môre-aand, nou, gaan ons onder by die Munisipale Ouditorium wees. En ek's jammer dat—dat ons hierdie draai sommer vinnig gemaak het, soos ons het, verandering, liewer. Ek dink, die broers, party van hulle het gedink dat dit miskien die mense meer ruimte sou gee sodat hulle die kerk kon bywoon.

51 En ek hoop dat niemand wat na hierdie goeie kerke hierrond toe gaan, hulle dienste môre-aand sal—sal mis nie, ek—ek hoop hulle doen dit nie. As hulle 'n pos het, staan daar. Dat jy op jou pos sal bly by jou kerk, waar jy ook al gaan, en jou tiende betaal daarin, en jy jou pastoor liefhet, en vir hom bid. En as jy nodig het om voor gebid te word, vra vir hom, hy's 'n man van God, hy sal vir jou bid. En Hy sal sy gebed beantwoord, dieselfde as wat Hy myne sal, of enigiemand anders s'n, want in elk geval, dis jou eie geloof in God wat die werk doen, dis reg, net presies.

52 Nou, gedra julle almal net goed, en God sy altyd met julle. En ek hoop om weer terug te wees aan die kus hier, weer hierrond besoek af te lê by hierdie klein Gemeente van God, te kom, aan die deur te klop, ek hoop julle laat my in, en ek sal inkom, weer vir julle te preek, en ons sal 'n tydjie van gemeenskap hier hê. En julle vertel julle pastore, ensovoorts rondom, julle wat rondbesoek, gee vir hulle my liefde en groete, en probeer vir hom verduidelik wat ek probeer doen, probeer om die Kerk

van die lewende God bymekaar te hou as een eenheid, een groot Liggaam. Ek hou van daardie lied:

Ons is nie verdeeld nie,
Ons is almal een Liggaam;
Een in hoop en Doktrine,
Een in liefdadigheid.

Voorwaarts, Christenstryders!
Marsjeer na die stryd.

53 En nou, die gebedskaartjies sal uitgegee word môre-aand om sesuur, by die Munisipale Ouditorium. En nou, oor hulle, die rede waarom ons dit doen, daar's 'n te groot skare daarbinne, en dan begin hulle stoot, stoot, een wat sê: "Ek was eerste hier," julle weet hoe dit is, jy—jy kan dit net nie doen nie, jy moet vir hulle 'n kaartjie gee. En die kaartjie het niks behalwe net 'n nommertjie daarop nie, so jy hou net jou nommer, en wanneer jou nommer geroep word, kom op.

54 Nou, ek dink dis al wat ek vir vanaand wou sê, en ek het gesê. . . En die musikante, die lied, die koor, en almal van hulle, ek waardeer hulle, elkeen. En daardie groep wat vanmôre gesing het, wat, Squire? Squire? Goeiste, hulle was wonderlike sangers! En daardie dametjie daarbo wat gesing het, sy was 'n lieflike, klein dametjie, 'n klein, het vir my soos 'n klein Noorweërtjie gelyk. O, as sy hier is, en sy is nie, ek het geen hare om te trek nie, so. . .

55 Julle weet, ek het my drie of vier gekam wat ek oorgehad het, nou die dag, en my vrou het vir my gesê, sy het gesê: "Billy, jy weet jy's amper bleskop?"

Ek het gesê: "Maar ek het nie enige van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Wat?"

En ek het gesê: "Ek het nie enige van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Sê dan vir my waar hulle is."

56 Ek het gesê: "Sê vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het." Dis reg. Hulle is materieel, is dit reg? So waar hulle ook al was voor ek hulle gekry het, hulle wag daar vir my om na hulle toe te kom. So wanneer iemand vir jou sê Broer Branham is dood, moet jy dit nie glo nie, ek het jare gelede gesterf, sien, ek gaan net na daardie jong liggaam toe daar oorkant. Wanneer hierdie ou karkas klaar is:

Ek sal laat val en opstaan,
Die ewigdurende beloning aangryp,
En skree, soos ek deur die lug trek,
"Vaarwel, totsiens, soete uur van gebed!"

57 Wel, dit is waar, is dit nie? Dit is waar. Sien, julle, daardie hare was iets, hulle sal beslis materieel wees, hulle was iewers.

58 Wel, ek het ooit daaraan gedink eenkeer, ek's 'n groot gelowige. . .Ek is, skiet, julle weet hoe dit is, en gewere, ensovoorts, en mense gee my gewere, en ek lol met hulle. Ek en Gene hier, ons het net 'n, ontspan onsself deur teikens te skiet. En—en ek kan 'n—'n .220 Swift neem, dis een van die vinnigste vuurwapens van die skouer af, en kan dit laai, dit met die hand laai, tot vyfduisend voet per sekonde. Nou, dink daaraan. Sien? Maar as jy net nog 'n kwart van 'n grein poeier daarin sit, kan jy reguit na daardie venster toe skiet, en jy sal nooit die venster tref nie. En niks sal val nie, die koeël gaan reguit terug na sy oorspronklike gasse, soos dit miljoene jare gelede was. Sien? Nou, sien, dit was gasse, toe het dit iets geword, en as dit lank genoeg hou, kan dit weer reguit terugkom na 'n koeël. Sien? Dis hoe dit is. Sien?

59 Dis ons. . .Wat ek. . .hierdie hare was voor hulle op my gekom het, hulle wag vir my, en elke haar is getel, en nie een deel van ons sal verlore gaan nie, maar: "Ek sal dit oprig in die laaste dae," sê God. Ek glo dit net so waar as wat ek glo ek staan net hier.

60 Ons is net gemaak uit sestien elemente, dis petroleum, kalium, kosmiese lig, ensovoorts, sodat. . .God kry. . .dis in die aarde, en Hy sal dit net weer roep, en ek sal antwoord. Dis reg. Ek glo dit. Ek glo dit met alles wat in my hart, en siel, en verstand is, ek glo dit plegtig oor hierdie Bybel, as ek daaroor sterf die volgende twee minute, glo ek dat, dat Hy sal roep, en nie een ding wat ek—wat ek was toe ek twintig jaar oud was, wat ek nie Daar sal wees nie, dis reg, net onsterflik, sal ek nie meer hoef te sterf nie.

61 Sal dit nie wonderlik wees nie? Dink aan die ou mense. En daardie visioen, toe ek Daar was, het ek daardie vrou gesien, die mooiste vroue wat ek ooit gesien het, lang hare tot by hulle middel, en lang romp aan, wat naderhardloop, hulle arms om my gooi, my broer noem. Ek het mans gesien, en hulle tande so wit soos pêrel, hulle oë wat glinster, wat naderhardloop en hulle arms om my gooi, my broer noem, almal van hulle jonk. En ek kon dit nie verstaan nie.

En Hy het gesê: "Sien jy daardie vrou wat so pas haar arms om jou gesit het?"

"Ja."

Gesê: "Sy was oor die negentig toe jy haar na Christus toe gelei het. Hoekom sou sy jou nie haar lieflingbroer noem nie?"

Dit laat my aangaan. O, goeiste! Julle sien hoekom ek tugtig en trek: "Komaan, laat ons gaan, vriende"?

62 Onder in my hart hou ek baie geheime, julle weet dit, julle weet dit absoluut, so julle moet my net vertrou om julle te lei, ek sal nooit die Woord verlaat nie, ek sal reg by die Woord bly, maar julle moet nou net reg ooreenstem Daarmee.

63 En wanneer julle terugkom hiernatoe, wanneer julle terugkom kerk toe, kom en, as ek kom, die Here ons laat lewe, en Jesus vertoef, 'n jaar van vandag af kom ek terug, ek hoop om hierdie skare hier net te sien skyn tot die eer van God en die krag van God, dan te sê: "Weet julle wat? Elke Gemeente van God, elke Kerk van God, elke Vierkant, elke Eenheid, Tweeheid, Drieheid, en Vierheid, en almal op en af langs die kus is net eendragtig, en hierdie herlewing is in die krag van God, wat net hierdie kus skud soos dit nog nooit het nie."

O, ek sou sê: "Here, laat U dienskneg in vrede gaan, want my oë het U verlossing gesien." Dis reg, ek sou gereed wees om te gaan.

As jy die Skrifte neerskryf. . .

Jy's so gaaf. Billy sê vir my, gesê: "Pappa, jy praat langer as wat jy preek," het hy gesê.

64 "Wel," het ek gesê: "ek het iets om oor te praat, so, en iets wat goed is, iets waarvan ek baie hou." En ek weet ons almal geniet dit, nie waar nie? Hou aan praat met—met mekaar.

65 Nou, ek wil. . .het 'n paar Skrifte hier neergeskryf vanaand, ook, ek mag na hulle verwys. En ek wil hê julle moet blaai na Jeremia 8:22, en ons sal hierdie verse—hierdie verse lees:

> *Is daar geen balsem in Gílead nie; is daar geen geneesheer daar nie? waarom het. . .die genesing van die dogter van my volk dan* nie *tot stand gekom nie?*

66 Dis 'n vraag, hou dit op julle hart. Vraag: "Is daar geen balsem nie? Is daar geen balsem in Gílead nie; is daar geen geneesheer daar nie? Waarom het die genesing van die dogter van My volk dan nie tot stand gekom nie?" As daar geen balsem is, en geen geneesheer nie, as daar is, waarom—waarom is sy dan nie gesond nie? Is 'n vraag.

67 Ek glo as God 'n voorsiening maak, en 'n ontsnappingsweg vir Sy mense, iets vir Sy mense doen, en die mense dan weier om dit te ontvang, het Hy 'n reg om te vra waarom.

68 Wat as jy iets vir iemand gedoen het? As jy sê: "Nou, ek sal vir jou my outomobiel gee, dis vol petrol, dis in 'n goeie toestand, ek wil hê jy moet my binne tien minute op die hoek oplaai." En jy wag heeldag en nag, en die persoon kom nooit, en jy ontmoet hulle iewers, het jy 'n reg om te sê: "Hoekom het jy dit nie gedoen nie?" Is dit reg?

69 En God in alle eeue, toe Hy gemaak het. . .Hy het nooit 'n ontsnappingsweg gemaak dat die mense as geheel dit sou volg nie, daar was altyd diegene wat weggetrek het. Maar ek wil hê julle moet een groot ding oplet, dat God altyd genade stuur, en oordeel volg op genade. En wanneer jy, as jy nie genade aanvaar nie, dan moet jy oordeel kry. Glo julle dit?

70 Nou, as julle oplet, net voor die eerste Wêreldoorlog, het hulle die doop van die Heilige Gees ontvang in hierdie land, en ander lande. Sien? Nou, toe ons die grootste ding gesien het, die grootste herlewing, die grootste bedienings wat ooit bekend was sedert die dae van Jesus Christus, het hierdie nasie gekruis, my vertel wanneer, waar, waar ons ooit, ooit in 'n boek gelees het, of gehoor het, of selfs geweet het van bediening soos ons vandag het. Nou, wat gaan daarop volg? Oordeel, om dit te verwerp.

71 Kyk na die bediening van ons Here, omdat hulle dit verwerp het, wat ons gisteraand in die diens gehad het, deur dit te verwerp, wat het gebeur? Oordeel het gevolg. Sekerlik, altyd. Want hulle . . .

72 Kyk, die Heilige Gees het in Rusland geval omtrent 'n honderd jaar gelede. Het julle dit geweet? Sekerlik, dit het. Hulle het dit verwerp. Wat het hulle gekry? Dit het in Duitsland geval voor dit hier geval het. Wat het hulle gekry? Hulle wou nie die kruis aanvaar nie, so hulle het 'n dubbelkruis gekry, 'n swastika. Sien?

73 En nou, omdat ons dit geweier het, as 'n nasie (En ek glo waarlik ons het ons noodlottige fout gemaak in '56. En toe ons . . . Nou, onthou, ek het dit op rekord, sien.), en julle onthou net, sy sal nooit weer terugkom nie, sy's gedaan. Dis reg. Ons tel net los are op. Maar dit sal nooit weer terugkom nie, daar sal nooit 'n groot herlewing oor hierdie nasie voor die oordeel wees nie. Sy is op pad na die oordeel, dis nou op sy pad soontoe, omtrent enige tyd sal dit arriveer. Ek, self, glo dat voor hierdie groot oordeel die nasie tref, dat die Tweede Koms van Jesus Sy Kerk van die aarde af sal neem, ek glo dit.

74 Nou, ons weet dat die wêreld nie 'n atoomontploffing kan verduur nie. God het 'n weg gemaak vir ons om daarvan te ontsnap, maar as ons weier om daarvan te ontsnap, dan gaan Hy vra waarom het ons dit nie gedoen nie.

75 Nou, Hy het alles gedoen wat Hy in die Bybel belowe het. Nou, baie mense . . . Ek verskil nie van die geleerdes nie, nee, meneer, maar ek werk net deur openbaring, die openbaring moet die Woord wees, as dit nie volgens die Woord is nie, dan is dit 'n verkeerde openbaring. Baie soek na groot dinge om te gebeur, en hulle pas dit toe oorkant op Israel en nie in die Kerk nie. Neem die eerste drie hoofstukke van Openbaring en jy het die Kerk net daar. Toe is Johannes weggeraap uit die kerktydperk. Nou, so ons dag is net omtrent verby, die Kerk, die Evangelie sal nou terugkeer na die Jode in Palestina. En dan is die Heidense tydperk verby, sover dit die kerktydperk betref, die ware, Geesvervulde Kerk.

76 God maak 'n weg, en die mense dan nie daarin wandel nie, sê Hy: "Hoekom?" Eenkeer het die koning van Israel, omdat hy eendag uitgestap het op sy traliewerk van sy stoep, en hy het

deur die traliewerk geval, en hy, dit het hom seergemaak, hy het 'n kwaal en 'n siekte daarvan gekry, en so het hy op sy bed geland. En as die koning van Israel, tog in plaas van om te stuur om God te raadpleeg, het hy 'n paar van sy manne na Ekron toe gestuur om by Baäl, Beëlsebub, die gode daarbo, hulle profete te hoor, of hy sou gesond word of nie.

77 Nou, julle weet God openbaar Sy geheime aan Sy profete, ons weet dit, aan Sy diensknegte, openbaar Hy dit. En Elía was waarskynlik weer oorkant in sy grot. En hoe het hy geweet dat die koning hierdie manne nadergetrek het, twee of drie manne geneem, en gesê, hulle opdrag gegee, en gesê het: "Nou, gaan julle regdeur ons volk, sal julle 'n paar dae, en gaan onder na Ekron toe, en wanneer julle daaronder kom, sal daar wees, sal julle Baäl teëkom, die—die god van—van Ekron, en nou, vra julle sy profeet om vir Baäl te vra, of ek gesond gaan word of nie"?

78 Maar julle weet, omdat hy 'n Israeliet was, toe het God dit aan Elía die profeet geopenbaar, en Hy het gesê: "Gaan soontoe, en staan in die pad, en stop hulle."

79 En so, het hierdie soldate, of tempelwagte verbygekom, in die pad afgestap, in gesprek, met die streng opdrag om op te gaan om die heidense god hieroor te raadpleeg, omdat die hele volk in sonde ingegaan het.

80 En dis wat die probleem vandag is, die hele volk gaan in sonde in, whisky plekke, die mense wat koud en formeel raak, na ongesensorde radioprogramme, ongesensorde televisieprogramme, en dis so fassinerend, en sonde is so mooi, totdat dit die aandag van die mense trek. En as hulle nie waarlik wedergebore is, waar hulle aandag op Christus en dit alleen is nie, sal hulle agter daardie goed aangaan, sal hulle optree soos daardie mense. En sal die—die gees daarvan op hulle kom.

81 Was altyd dat die ou Pinksters nie eers hulle kinders na rolprentvertonings toe wou laat gaan nie, die duiwel het een oor hulle oë getrek, hy het die rolprentvertoning reg in die huis ingebring. Dis reg. En so, julle sien hoe hy dit gekry het? Slinks, wys, slymerig soos wat hy kan wees. Julle moet hom nooit onderskat nie, bly julle daar in die kruis, die enigste plek om te bly vir veiligheid.

82 So die ou mense, julle sien, hulle het by God gebly, hierdie profeet het by God gebly, sodat God met hom kon praat. Gewoonlik, maak die mense soos die volk maak, het altyd. En dis wat die probleem vandag is, die mense maak soos die volk maak, as dit in orde is, die volk drink wettig, wel, is dit in orde. As hulle wettig. . .

83 Ek het nou die dag 'n dame op die straat sien loop, dat enige polisieman wat enige ordentlikheid in hom gehad het, sou daardie meisie van die straat af gejaag het, die manier wat sy

aangetrek was, ek het nog nooit enigiets so vulgêr in my hele lewe gesien nie. Mense wat by die vulstasie uithardloop en dinge, wat in die straat af staar na hierdie meisie. Waar in die wêreld het geword van die ordentlikheid van ons mense? God het 'n vrou gerespekteer as een van die juwele van die aarde. En hoe sy haarself sal uitverkoop aan die—die duiwel is meer as . . . Wel, dis omdat sy God nie ken nie, dis net al wat dit is. Sien? Weet dat haar liggaam heilig is, en sy behoort dit nie te doen nie, en hulle doen dit in elk geval, omdat hulle dink dis goed. Ricky, en Elvis, en almal van hulle, hulle bewonder dit net, en: "*Wheet-whew!*" wolffluite, en hulle geniet dit. Dit behoort 'n skande te wees vir enige vrou, een van daardie fluite vir haar hê te gee soos daardie.

84 Ja, jy's 'n lam, jy's veronderstel om te wees; een of ander man se liefling en vrou, een of ander baba se moeder, jy behoort jou te skaam om sulke goed te doen. Die ordentlikheid van ware vroulikheid behoort, die—die respek wat jy vir jou moeder gehad het, behoort jou anders as dit te lei. Dis reg.

85 Let op hoedat dit net geword het . . . En predikers het net toegegee, laat dit reg in hulle kerk inkom. Uiteindelik, het dit net geleidelik ingekruip, 'n bietjie soos *hierdie*. Ek het gesit en praat met 'n ou Metodiste prediker nie lank gelede nie, hy het altyd 'n lied gesing:

> Ons het die standaarde laat sak, ons het die standaarde laat sak,
> Ons het toegegee vir sonde.
> Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgegaan,
> Maar hoe het die bokke ingekom?

86 Wel, ek dink sy lied druk dit regtig goed uit, julle het die standaarde laat sak, dis al. Net die standaarde laat sak, een het ingekom, en hy het dit op *hierdie* manier begin sê, en—en hulle het begin kyk, hy het 'n bietjie vooruitgegaan, en toe gesê: "Wel, as Jones dit kan doen, Dr. Jones, kan ek, ook," en voor jy jou kom kry, daar gaan dit.

87 En dis net soos die ou sleeglybaan, jy gly rond daarop. Hoeveel onthou die ou sleeglybaan? Jy gaan sit, begin baie versigtig rondgly, kyk hoe naby jy aan die rand kan kom, en alles, voor jy dit geweet het, [Broer Branham klap sy vingers—Red.] het jy afgegaan. Dis wat gebeur het met die Pinksterkerk, dis reg. Moenie sien hoe naby jy daaraan kan kom nie, kyk hoe ver jy kan wegbly, daarvan.

88 Eenkeer was daar 'n drywer wat teen die berg moes opgaan, en die man moes opskud en oor die berge kom, en so het hulle gesê . . . een drywer het nadergestap, hy het gesê: "Ek's so 'n perfekte drywer, ek kan hierdie ses perde en my koets binne ses duim van daardie rand af dryf, oor daardie groot, duisend-voet

afgrond. Ek kan dit binne ses duim dryf op ’n volle galop, en nooit val nie.”

En die ander drywer het nadergekom, gesê: “Meneer, laat ek jou neem, ek kan binne vier duim daarvan ry op ’n volle galop, en nooit—en nooit val nie.”

En daar het ’n ou kêrel net daar gestaan en kyk, die dri-. . . die man wat oor die berg wou gaan, het gesê: “Wat van jou, meneer?”

Hy het gesê: “Wel, kyk, meneer, volgens wat hulle praat, is hulle beter drywers as wat ek is. Ek bly teen die wal, ek vat geen kanse nie.”

Hy het gesê: “Neem jy my oor.” Sien?

89 Moenie sien hoe naby jy aan sonde kan kom sonder om te sondig nie, kyk hoe ver jy kan wegbly daarvan, dis hoe dit is. Bly heeltemal van die terrein af. Dis hoe ek ’n kerk wil hê, dis die kerk waaraan ek wil behoort, een wat die einste voorkoms van sonde vermy, wegkom daarvan.

Sê: “Wel, ons meisies, of ons mans, of ons. . . hulle het net ’n bietjie skoon pret.” O, goeiste, goeiste: “skoon pret,” wat Amerikaners “skoon pret” noem, hmm!

90 Ek was bo in Kanada nie lank gelede nie, saam met my goeie vriend Fred Sothmann, wat daar sit. Een van die groot Amerikaners, ek gaan nie die naam van hierdie groep noem nie, en so, hulle het daarbo ’n—’n konvensie gehou, en whiskybottels oral oor alles opgestapel. Toe ek ingekom het daardie aand, begin opgaan het met die—die, in die hysbak geklim het, en daardie seun, dit het my selfs skaam gemaak ek was Amerikaans, en hy het daar gekyk, en hy. . . Ek—ek het gesê: “Wat makeer?”

Hy het gesê: “Die Amerikaners is hier vanaand.”

En ek het gesê: “Goeiste!” Dit was in Saskatoon. En ek het gesê: “Dis een of ander losie wat hulle konvensie hou.”

91 En so, toe ek daarbo gekom en in die gang afgegaan het by my kamer, begin afgaan het, was daar twee jong dames wat daaragter gestaan het, albei van hulle met trouringe aan met hulle, net hulle onderrok aan, dronk soos wat hulle kon wees. En ou dronk manne wat hulle probeer gryp, miskien ’n man by die huis, wat die babas oppas, miskien hierdie mans, wat gryp na hierdie jong vroue, en hulle vroue wat ’n baba oppas by die huis, maar hulle het ’n bietjie skoon Amerikaanse pret gehad. Dis vieslikheid en sonde! Dis reg.

92 En hulle het in die gang afgekom, en hierdie ou kêrel het hierdie een aan die onderrok gegryp, en haar probeer trek, en amper een van die bandjies van die skouer afgebreek, en sy was verskriklik ontsteld. Sy het afgekom, pragtige jong vroue, albei van hulle, het afgekom daardeur, gesteier soos *daardie*.

En ek het net teruggestap in ’n kamertjie in, soos, gangetjie soos *hierdie*, en gekyk.

93 Hulle het baie na aan my gekom, hulle het ’n bottel whisky gehad, en sy het afgebuk, hierdie bottel geneem, en dit gelig, en nog ’n slukkie geneem, daardie trouring wat aan haar hand geblink het.

My hart het my net verlaat, en ek het gedink: “’n Pragtige, klein dingetjie soos daardie, en kyk dan wat doen sy!”

94 En toe het die ander een soontoe gegaan, sy het geneem—sy het hierdie rompie geneem, wat sy aangehad het, haar onderrok, het dit so ver opgetrek as wat sy kon, en geskree: “Whoopee, dis die lewe!”

95 Ek het uit die gang uitgestap, ek het gesê: “Verskoon my, hierdie is die dood! Hierdie is die dood! Die Bybel het gesê: ‘Sy wat losbandig is, is lewendig dood.’”

Hulle het gesê: “Neem ’n slukkie.”

Ek het gesê: “Net ’n oomblik. Ek’s ’n Amerikaner.”

“Goed,” het hulle gesê: “’n ou Yankee!”

96 Ek het gesê: “Wag ’n bietjie, ek’s ’n Evangelie prediker. Skaam jy jou nie?” het ek gesê. Een van hulle was ’n Sondagskoolonderwyseres. Ek het gesê: “Skaam jy jou nie?” En ek het haar aan die hand gevang, sy was te klein om weg te hardloop, ek het haar vasgehou. Sy het begin skree, en trek soos *daardie*, en ek het gedink miskien sou hulle uitkom en my laat arresteer, verkeerd van my dink. So ek het gesê: “Skaam jy jou—jou nie? As vroue hierbo, albei van julle met trouringe aan en julle mans by die huis!”

Gesê: “Ons het net ’n bietjie skoon pret.”

Ek het gesê: “Dis sonde!” Reg.

97 God het ’n ontsnappingsweg gemaak, maar hulle wou dit net nie volg nie. Wat laat mense dit doen? Is omdat God ’n mens gemaak het om te dors. En julle. . .Hoe durf enige mens daardie heilige dors probeer bevredig met die dinge van die duiwel! Jy moet dit nie probeer doen nie, jy sal nooit tevrede wees nie, dit bring net hartseer, jou ’n pistool laat neem en jou brein uitblaas. Dit het nie ware lewe daarin nie, ware lewe kom van God af. Jy kan nooit tevrede en volkome gelukkig wees. . .

98 En een van hierdie halfpad Christene, wat veronderstel is om te wees, is die ellendigste persoon in die wêreld. “O, ek kan nie *hierdie* doen nie. As my kerk geweet het ek het *daardie* gedoen!” God weet jy doen dit, watter verskil maak dit? Net daar, hê jou hele hart gevestig reg op God, en bly net daarby, dan is jy gelukkig, om te wandel in vrede met Hom.

99 Elía het opgegaan, in die pad gestaan, hier het hierdie manne opgekom, en gesê, na hom toe gekom, hy het gesê: “Gaan terug

en sê vir julle koning, SO SPREEK DIE HERE: hy kom nie van daardie bed af nie. Vra hom hoekom het hy nie hier gevra het nie, hy's 'n Israeliet. Is dit omdat daar geen God in Israel is nie? Is omdat ons nie 'n profeet het nie? Israel nie 'n profeet, of 'n God het nie? Waarom sou jy daar vir Ekron vra? Het Israel nie 'n profeet nie? Het Israel nie 'n God nie? Waarom sou jy dan vir Beëlsebub vra, of vir—of vir Baäl? Waarom sou jy daardie dinge raadpleeg? Is dit omdat ons nie enige profeet, of enige God het nie?"

100 Dis wat God die Verenigde State gaan vra een van hierdie dae: "Waarom het julle daardie dinge gedoen?" Dis wat God die Pinksterkerk een van hierdie dae gaan vra: "Waarom het julle na danse toe gegaan? Hoekom het julle so opgetree? Waarom het die vroue hulle hare afgeknip? Waarom het die mans *hierdie* dinge gedoen? Waarom het hulle aangetrek soos die wêreld? Waarom het hulle opgetree soos die wêreld? Was dit omdat daar geen Evangelie, geen vreugde, geen Heilige Gees op julle uitgestort was nie? Is dit omdat hulle nie 'n prediker gehad het wat dit sou preek nie?"

101 O, dis omdat, net soos dit was in die dae van die koning, dit was sy eie hardkoppigheid, hy het die profeet gehaat, want sy mamma het hom gehaat, hy was Isébel se seun. En dis waarom Agab, 'n grenslyn gelowige. . .En dis hoekom dit, 'n ou, koue, formele kerk was waaruit hy gekom het. En dis waarom hy die profeet gehaat het, omdat die profeet hom die waarheid vertel het, en hy het nie enigiets daarvan teruggehou nie, en hy het hom gehaat. Sy moeder het daardie profeet gehaat, sy pappa het daardie profeet gehaat.

102 Sy pappa het gesê, toe—toe Jósafat afgekom het, en soontoe gegaan het om by Agab te sit, het hy gesê: "Kom ons gaan hier op na Ramot-gilead en neem die land in daarbo," gesê: "dit behoort aan Israel."

103 En, natuurlik, het hy hom al die groot dinge gewys wat—wat hulle gehad het, en hy, natuurlik, dis hoe die duiwel maak, jou al die groot dinge wys, en dit het sy oë verblind, en hy het gesê: "Wel, ons mense is jou mense." Gesê: "Maar dink jy nie ons behoort eers die Here daaroor te raadpleeg nie?"

104 Hy het gesê: "Sekerlik, sekerlik, Jósafat, dis net reg, ons behoort. Ek het vierhonderd kweekskool-predikers hieronder, die beste," hulle het die beste gehad wat daar in die land is. "O, ek sal hulle almal gaan haal, hulle hiernatoe bring."

En almal van hulle het eendragtig geprofeteer, gesê: "Gaan op, gaan op, die Here is met jou."

Maar dit het nie net vir Jósafat gepas nie, hy het gesê: "Het jy nie nog een nie?"

"Nog een? Wanneer ons vierhonderd eendragtig uit my kweekskool uitgekom het, elkeen wat dieselfde ding sê!"

Ek gee nie om hoeveel sê nie, as dit nie die Woord van God is nie, is dit nie die Woord van God nie!

"Ons het vierhonderd slim, opgeleide, geleerde profete wat hier staan, hulle sê eendragtig om te gaan."

Maar Jósafat het gesê: "Maar, sekerlik, het jy nog een."

105 Hy het gesê: "Ja, ons het nog 'n holy-roller," verskoon my, ek behoort dit dalk nie te gesê het nie, maar, wel, ek het dit klaar gesê, in elk geval. "Ja, ons het een, Miga, 'n holy-roller hierbo, maar ek haat hom." Daar het julle dit.

"O, moenie dat die koning so sê nie." Gesê: "Gaan op en kry hom, en kyk wat hy sal sê."

Hy het gesê: "Ek waarsku julle, hy profeteer net kwaad teen my."

106 Sekerlik, hoe kon hy dit doen? Kon hy enigiets anders doen? Toe hy dit gesien het, wêreldsheid, wat kon hy doen behalwe vir die waarheid staan?

107 Het gegaan en hom gekry, en toe, natuurlik, het hulle die diakenraad gehad om hom te gaan kry om daardie herlewing te hou, en gesê: "Nou, wag 'n bietjie, moet jy nou nie teen *hierdie* preek nie, en moet jy nie teen *daardie* preek nie. Moenie vir die vroue sê hulle moenie hulle hare sny nie, en moenie vir hulle sê hulle moenie grimering dra nie, want al ons vroue doen dit."

Ek het gehad dat hulle dit vir my sê, en ek sê: "Bly stil! Julle wil my—julle wil my hê, hier kom ek." Sien?

108 So, hulle het vir Miga gesê, hulle het gesê: "Nou, jy sê dieselfde ding wat die res van hulle sê, want eendag, jy weet wat, sal jy die algemene opsiener wees, as jy net na my sal luister, ek—ek sal. . .sal hulle jou in die konferensie inneem as jy net met hulle sal saamstem." Nee, dit lê nie in die hart van 'n ware profeet van God nie. Nee, meneer.

109 Hy sou nie met hulle saamstem nie, hy het geen toutjies gehad om te trek, of geen etekaartjies om te koop nie. So, hy het net gesê: "Ek sal sê net wat God in my mond sit om te sê, dis al." So, hy het soontoe gegaan en hy het gesê: "Gee my vanaand, laat ek sien wat die Here sal sê." Teruggekom die volgende dag, julle weet wat hy gesê het: "Ek het Israel op die heuwels gesien, verstrooi soos skape wat geen herder het nie."

Gesê: "Wat het ek vir jou gesê?"

110 En toe het die hoof van die Predikersvereniging hom op die mond geslaan, hom net platgeslaan. Ja, dis reg. Gesê: "Watter kant toe het die Gees van God gegaan toe dit uit my uitgegaan het?"

Gesê: "Julle sal sien wanneer my profesie vervul word."

111 Hy het gesê: "Sit hom in die binneste tronk, sit hom daar agter in, en voer hom die brood van smarte en die water van smarte," het Agab gesê: "totdat ek in vrede terugkeer."

Miga het gesê: "As jy hoegenaamd terugkeer, het God nie met my gepraat nie."

112 Nou, waarom sou hulle neem...? Waarom het hulle nie daardie een man se woord geneem nie? Sien? Een man in die hele volk wat uitstaan teen die verkeerde. En die res van hulle... Waarom? Omdat hulle die klassieke groep geglo het. Hulle glo die Ph.D., LL.D.'s, en Q.S.D.'s, en elke soort *D.D.*'s en allerhande soorte, alles wat daarmee saamgestem het. Hulle wou dit glo omdat hulle gedink het hulle was slimmer, en geleerd.

113 Maar kyk, wie was reg? Miga was reg, want hy het presies by die Woord van die Here gebly, hy het presies gebly. Hoe kon hy seën wat die Woord van God vervloek het?

114 Hoe kan ek vir julle vroue sê julle is reg met kort hare, en wat grimering dra, en rokke asof julle in hulle ingegiet is soos 'n weense worsie, en so-iets soos daardie hierbuite, wanneer die Woord van God dit veroordeel? Waarom kan ek nie vir julle sê julle is reg, julle Gemeentes van God, en Kerke van God, en Vierkante, en wat mense inbring, laat *aansluit*, inkom soos daardie, hulle laat maak soos die wêreld, en aangaan, allerhande verskillende dinge laat wees, wanneer dit verkeerd is, nie? Reg, dis verkeerd. Wat ons nodig het, is nie 'n nuwe lidmaatskap nie, is die krag van die Heilige Gees weer terug in die kerk, outydse Pinksterherlewing in die krag en demonstrasies van die Heilige Gees. Het genoeg van hierdie goed!

115 Die Vierkant kerk is een van my groot borge, hulle het sommige van die beste manne daarbinne, Dr. Teeford, baie van hulle, hulle is regte goddelike manne. Maar toe ek en Suster McPherson, en Rolf eendag gesit en eet het, gepraat het van 'n sekere organisasie, of sekere man aan hierdie kus wat die meeste van hulle lidmate afgeneem het, het ek gesê: "Dit spreek baie sleg van julle." Waarom sou hulle gaan waar hulle gaan sê bou vier- of vyfmiljoen-dollar kerk, en jy het alreeds joune gebou, daar oorkant om daardie skuld te betaal?" Ek het gesê: "Wat het gebeur?

116 "Weet jy wat?" Ek het gesê: "Toe Suster McPherson hier was, het sy 'n herlewing gehad, sy het by die Gees gebly, mense sou van oral af kom, Heilige Gees vervuld. Maar wat het gebeur toe sy gesterf het? Julle het Ph.D.'s, D.D.D.'s, dubbele L.D.'s, Q.S.D.'s en allerhande dinge begin maak. En wat het julle nou? 'n Miljoen dollar se wit olifant op jou hande." Dis reg. Wat ons nodig het, is terug na die Pinksterboodskap, terug na die Heilige Gees, dit is waar.

117 Miga kon nie meer as dit sê nie, want dis wat Elía gesê het. Hy het gesê: "Ek het gesien die leërskare van die Hemel het almal

saam vergader in ’n raad, en Hy het gesê: ‘Wie kan ons kry om af te gaan en Agab te mislei?’” Met ander woorde, om Elía die profeet se woord te laat waar word, hom daarbuite te kry sodat hy doodgemaak kan word, want die honde moet sy bloed op die strydwa lek, want Elía het so gesê, dit was die Woord van God. God het gesê: “Wie kan ons kry om dit te doen?”

118 En hy het gesê ’n leuengees het opgekom, gesê: “Ek sal afgaan en in al daardie predikers ingaan, en ek sal hulle laat dink hulle is reg.”

119 Hoekom? Hoe kon hy dit doen? Hoe kon ’n leuengees in ’n prediker inkom? Omdat hy toegegee het op die Woord van God. As hy die Woord van God sou preek, sou dit nie in hom ingekom het nie. Enige gees wat teenstrydig met daardie Woord spreek, dis ’n leuen. Dis reg. Dis God se Urim en Tummim. Reg. As dit nie *Hierin* is nie, is dit verkeerd, *Hierdie* is dit.

120 Ons God kan dinge doen wat nie in hierdie Boek geskryf is nie, maar Hy het net genoeg hier vir my om by te bly om te weet dat ek reg is, net *Hier*. As ek net *Hierdie* hou, sal dit goed wees.

121 Nou: “Gaan, sê vir hom, hy kom nie van daardie bed af nie, SO SPREEK DIE HERE, hy kom nie van die bed af nie, hy gaan sterf op die bed,” en hy het.

122 So toe die boodskappers teruggekom het na Koning Ahásia, het hy gesê, Agab se seun, so hy het vir hom gesê: hy het gesê: “Waarom is julle so vroeg terug?”

123 Hy het gesê: “Ons het ’n man daarbo ontmoet wat gesê het, vir jou gesê het: ‘SO SPREEK DIE HERE, waarom het jy daar gaan vra? Is daar geen profeet in Israel om te raadpleeg nie? Is daar geen God hieronder in Israel nie, dat jy daar by die heidene moet gaan vra?’”

124 Met ander woorde: “Is daar nie genoeg vreugde in die Kerk nie? Waarom bly jy by die huis op Woensdagaand om televisie te kyk? Is daar geen vreugde meer in die Kerk, niks in jou hart wat verlang om die Woord van God meer te hoor as wat dit daarvan hou om te kyk na *Ons Is Lief Vir Susie*, of watter dinge dit ook al is wat jy by die huis bly om na te kyk nie?”

125 Wat is die probleem? Pastore het my nooit gevra om dit te sê nie, ek vertel julle net die waarheid. Wat is die probleem met die kerk? Dis presies wat verkeerd is. As julle mense sê: “Wel, ons pastoor. . .” Ons pastoor niks! Jy kom in lyn met God, en hy sal moet, of hy sal uitkom. Dis reg. Laat die kerk in lyn kom. Dis reg. Bly net by die Woord. Het jy al die vreugde verloor? Klink die Evangelie nie vir jou soos dit altyd het nie? Dan is daar iets verkeerd. As daardie liefde van God nie bo alles is wat. . .Jou hart, wanneer daardie kerkklok lui, brand jou hart net.

126 Hier ’n paar jaar gelede het ek afgekom teen ’n telefoonpaal, en ek het gewerk vir die openbare dienste terwyl ek die pastoor

van die Baptiste tabernakel was. En—en Dr. Brown is ’n baie goeie vriend van my, behoort aan ’n goeie denominasionele kerk daar, en hulle sê hulle het vyfhonderd lidmate, maar hulle is regoor die wêreld, en party van hulle was dood vir jare, maar, so in elk geval, hy het gesê dis van wie hulle kaartjies gehad het.

127 So, toe het ek teen die paal afgekom, en—en ek was onder oorkant die heuwel onder New—New Albany daar, ek het afgegaan om ’n ligte-rekening te gaan invorder. Hulle het vir my gesê, gaan soontoe en sê vir daardie mense hulle het daardie ligte-rekening laat gaan so lank as wat hulle kon, hulle het die rooi kennisgewing gehad, en ons sou die ligte moes afskakel.

128 Wel, in plaas van op te gaan en dit af te skakel, het ek gedink, as ’n heer, ek na die deur toe sou gaan en aan die deur klop en vir die dame sê wat gaan gebeur. Ek het na die deur toe gegaan, en aan die deur geklop. Daar was ’n ou vroutjie, meisietjie, wat daar aangekom het van, daar met nie genoeg klere aan om ’n haelgeweer se pluisie te laai nie, sy het daar afgekom, julle weet, wel, jy kon hulle in ’n vuurhoutjiedosie sit, eerlikwaar, ek het nog nooit in my lewe ’n vrou so skraps geklee gesien nie.

Sy het by die deur gekom, ek was, ek het net my kop gedraai, ek het gesê: “Aangename kennis?”

En sy het gesê—en sy het gesê: “Wel, wat wil jy hê?”

Ek het gesê: “Dame, ek’s van Openbare Dienstemaatskappy.” Ek het gesê: “Hulle. . .Ek. . .hulle het my gestuur om hierdie ligte af te sny,” het ek gesê.

129 “O,” het sy gesê: “jy weet, ek het totaal daarvan vergeet.” Sy het gesê: “Moeder het my nou die dag gesê om daardie ligte-rekening te betaal, en jy weet, ek het dit net vergeet.” Dit was toe tienuur en sy was nog nie uit die bed nie.

130 So ek het gesê: “Goed, betaal jy die rekening, en ek sal jou net ’n kwitansie daarvan gee, en ons sal dit aan los, want as ek dit afsny, gaan dit jou twee dollar kos om dit weer aan te sluit.”

“O,” het sy gesê: “Dankie.”

En ek het gesê: “Goed.”

131 En sy het oor die—die vloer begin loop en sy het daardie ou radio aan gehad, en hierdie Clayton McMichen hier, of wat ook al, een of ander soort van een van hierdie hier *Georgia* mannetjie katte, *Wildekatte*, of *so-iets*, sy het een of ander soort van ’n —’n. . .hy het hierdie ou viool gesaag, julle weet, gegaan, daardie liedjie omtrent “vyf voet twee en bedek met pelse” gespeel, en alles soos daardie, “gaan verby,” en al daardie soort onsin, en hy het aangegaan om so te speel.

132 En sy het oor die vloer begin loop, en daardie arme ding was so besete van daardie soort gees, sy het gegaan: “*Tootlely*, *tootlely*, *tootlely*,” regoor die vloer. Nou, ek sê dit nie vir ’n grap nie, ek—ek sê julle net wat die waarheid is. En sy het

rondgegaan en geskree: "*Tootlely*, *tootlely*, *tootlely*, *tootlely*," en sy het vergeet ek het by die deur gestaan.

133 En toe toe hierdie dansman, julle weet, wat die viool gehad het, hy het gesê: "Nou, almal van julle kom uit na die ou *Greenbrier Ridge* vanaand, ons gaan daarbuite wees, en ons gaan die ruk-en-rol doen," of wat dit ook al was, sy het afgebuk, vir hom 'n soen gegooi, gesê: "Totsiens, ou liefling," gesê: "ek sal beslis daar wees!"

Ek het net gestaan en wag, en ek het gedink: "Arme kind." Sien? Dis 'n skande, mooi, klein meisietjie.

134 Ek het 'n bietjie gewag, en sy het gesê: "O, verskoon my," het sy gesê, gekom met die geld, julle weet, sy het gesê: "Ek is net so lief daarvoor om te *dons*." Aangesit, nou, julle weet, dit is nie *dons* nie. So sy het gesê . . . D-a-n-s word nie *dons* gespel nie. So sy het gesê: "Ek is net so lief daarvoor om te *dons*." Sy het gesê: "Weet jy wat?" Sy het gesê: "Ek verloor net . . . "

Ek het gesê: "Ek het dit opgelet." En so, ek het net haar geld ontvang, ek het gesê: "Baie dankie," en uitgegaan.

135 Was net 'n rukkie, ek het uitgegaan en nog 'n paar bestellings gekry en opgekom. En ek het 'n plek daarbo gehad waar iemand opgegaan het en die drade in 'n meter ingedruk het, en dit net laat loop het sonder dit, en iemand daarbinne gestryk het. Wel, as hulle 'n draad daaroor laat loop het, drie-en-twintighonderd het daar deurgekom, dit sou 'n vrou doodmaak met 'n strykyster in haar hand.

136 So ek moes opgaan en daardie drade afknip, sodat hulle dit nie *so* reguit kon insit nie. So, ek het dit net afgeknip soos *daardie*, afgekom, en Doktor Brown het in die straat afgekom. Hy het gesê: "Hallo, Billy!"

En ek het gesê: "Hallo daar, Dr. Brown." Goeiste, hy's 'n baie goeie man, Metodiste prediker.

En hy het gesê: "Hoe gaan dit met jou vanmôre?"

Ek het gesê: "Goed, goed."

Hy het gesê: "Julle Baptiste het regtig 'n tyd daarbo, nie waar nie?"

Ek het gesê: "O, ja, meneer. Ons het net . . . "

Hy het gesê: "Hoe kry jy daardie skare wat jy elke Sondagaand daarbo het, Billy?"

Ek het gesê: "Ek gee hulle pille."

En hy het gesê: "Watter soort pille?"

Ek het gesê: "*Gos*-pille." [Evangelie pille—Vert.] Uh-huh.

En hy het gesê, en so: "O," het hy gesê: "jy het nie enige van jou suidelike idees verloor nie."

Ek het gesê: "Nee, nee, dis reg."

137 Hy het gesê: "Weet jy wat, Billy?" Hy het gesê: "Nou die dag. . .Ek het vyfhonderd lidmate in daardie kerk daaronder," en hy het gesê: "Ek het vyfhonderd kaartjies uitgestuur om daardie mense te laat belowe dat hulle ses maande in die jaar Sondagskool toe sou kom. Binne die jaar sou hulle ses keer registreer in—in. . .hulle sou ses maande in die jaar registreer, hulle sou kom." En gesê: "Weet jy hoeveel het geantwoord?"

138 En ek het gesê: "Het geen idee nie, Broer Brown." Nou, hy was 'n gawe man, ja, meneer, ek glo 'n regte, egte man. En ek het gesê. . .Ek glo nie hy het die Heilige Gees gehad nie, nee, meneer, ek glo nie. Maar ek bedoel, ek glo wat hy—wat hy gepreek het, hy geglo het, en hy was opreg sover as wat hy gegaan het.

139 Soos die gekleurde man, wat waatlemoen geëet het, hy het gesê, 'n skyf daarvan geëet, en gesê: "Hoe was dit, Mose?"

140 Hy het gesê: "Dit was lekker, maar daar's *nog* 'n bietjie daarvan." En dis net omtrent hoe dit is, julle sien. So daardie deel was goed sover hy gegaan het, maar hy het nie te ver gegaan nie.

141 So toe het ek gesê: "Hoeveel het geantwoord, Broer Brown?"

Hy het gesê: "Twee het verlede Sondag geantwoord." Hy het gesê: "Wat dink jy daarvan?"

Ek het gesê: "Wel, dis baie erg, Broer Brown."

142 Ek het gesê: "Weet jy wat, Broer Brown, ek wil vir jou ietsie vertel, wat 'n rukkie gelede gebeur het." Ek het gesê: "Ek was onder in New Albany," ek was toe in Jeffersonville, ek het gesê: "Ek was onder in New Albany," net drie myl onder, en ek het gesê: "Ek het die dienste daaronder afgesny vir 'n persoon wat nie hulle rekening betaal het nie. Ek het gegaan en aan die deur geklop," en ek het hom vertel van die meisie.

143 En ek het gesê: "Daardie meisie, sy was so meegevoer, sy het oor die vloer gegaan, nadat sy met my gepraat het, en daardie musiek het so 'n effek op haar gehad, dat sy oor die vloer gegaan en gesê het: '*Tootlely*, *tootlely*, *tootlely*,' en—en 'n soen gegooi het vir daardie Clayton McMichen," of wat sy naam ook al op daardie *Greenbrier Patch* was, of wat hy ook al daar sou wees. Ek het gesê: "Dink jy iemand sal 'n kaartjie moet teken om haar Saterdagaand soontoe te laat gaan?"

Hy het gesê: "Wel, nee."

144 Ek het gesê: "Sy sou daardie, paar kleertjies wat sy aangehad het verpand, maar sy sou daar kom." Dis reg. "Hoekom?" het ek gesê: "Want daar was 'n dansgees in haar." En ek het gesê: "Nou, Broer Brown, verskoon jy my onkunde, en moenie dink dat ek jou iets probeer vertel nie, maar ek wil jou net nou iets vertel." Sien? Ek het gesê: "Die. . .As daardie mense God liefgehad het soos daardie vrou van dans gehou het, sou hulle by die kerk gewees

het, sou jy nie enige kaartjie hoef te teken om hulle daar te kry nie."

145 En dis waar dit is, broer, die kerk het sy ywer verloor, sy liefde vir die Evangelie, vir die krag, vir die Heilige Gees, dit het dit verloor. "Is daar geen balsem in Gilead nie, is daar geen geneesheer daar nie? Waarom word die dogter van my volk dan nie genees nie?"

146 Dit herinner my aan 'n—'n man wat sterf op die dokter se drumpel wanneer die dokter die geneesmiddel vir sy siekte het, dieselfde ding. Reg. As 'n man 'n siekte het, en die dokter het 'n toksiene vir daardie siekte, en die man kom en hy weier om die dokter se medisyne te neem, dan as die man reg op die dokter se drumpel sterf, kan jy die dokter blameer? Kan jy die toksiene blameer? Wie is te blameer? Hyself. Dis reg. Kan nie die dokter blameer nie, hy het die toksiene, hy's bereid om dit te gee. Kan nie die toksiene blameer nie, die wetenskap het dit vir die siekte gevind. So, hy sterf reg op die drumpel, maar moenie die dokter blameer nie. Dis presies reg.

147 Net dieselfde ding vandag, mense sterf reg in die kerkbanke aan sonde. Dis nie omdat ons nie toksiene het nie, dit is nie omdat ons nie dokters het nie, dis omdat die mense dit nie wil neem nie. [Leë kol op band—Red.]

148 . . . en dink dat hy jou arm kon regmaak, dis 'n gevaarlike ding om dit nie te doen nie, jy behoort dit te doen, dis gevaarlik as jy dit nie doen nie. En daar was 'n tyd wat ons nie veel toksiene gehad het nie, mense het gesterf aan witseerkeel, maar hulle het 'n toksiene daarvoor gekry. Polio, die Salktoksiene, dis—dis goed, ek—ek waardeer dit beslis. Ek glo 'n man nederiger sou wees . . .

149 Jy sê: "Broer Branham, glo jy in Goddelike genesing?" Dis alles Goddelike genesing, elke deeltjie daarvan is Goddelike genesing. "Ek is die Here Wat al jou krankhede genees." Ja. Elke deeltjie daarvan is Goddelike genesing. As hospitale en die, en sulke goed nie die . . .

150 Sê my waar daar ooit een dokter was wat 'n siekte kon genees, of sê vir my waar hulle 'n medisyne het wat 'n siekte sal genees. Daar is 'n onderhoud met my gevoer by Mayos', julle het dit gesien in die *Reader's Digest*, ensovoorts, Donny Morton, is genees hierbo, hulle het my geskakel, en hulle sê: "Ons maak nie aanspraak om genesers te wees nie, Mnr. Branham, ons maak net aanspraak om die natuur by te staan, daar's een Geneser, dis God." Sekerlik.

151 Ek het eenkeer daaroor gepreek, iemand het gesê: "Wat van penisillien, Broer Branham, dan vir die—vir die, 'n—'n erg verkoue?"

152 Ek het gesê: "Wel, dis net soos wat jou huis vol rotte was, en jy gif uitsit, die rotte doodmaak, dit nie die gate regmaak nie." Ek het gesê: "Penisillien maak net die kieme dood, dit kry nie . . . bou

nie weer die bloedselle, en dinge nie.” God is die enigste Skepper wat bloedselle kan skep, en—en kalsium, en so, die dokter spalk die arm, hy genees dit nie.

153 Wat as ek my motor swaai, en my arm breek, ingaan, sê: “Dokter, genees net gou my arm, ek my motor kan laat swaai.” Sien? Hy kan dit nie genees nie, hy sit dit net aanmekaar terwyl God dit genees. . . ?. . . Hy help net die natuur, God is die Geneser. So, daar’s net. . . Daar’s geneesmiddels, en dis goed, en as jy nie daardie geneesmiddels neem nie, dan is dit gevaarlik.

Wel, jy sê: “Glo jy in Goddelike genesing, en glo- . . . ?”

154 Wel, luister broer, ek bid die heeltyd elke dag en nag vir hulle om iets vir kanker te vind. Kyk na die arme mense. Enigiets. . . Daar kan niks goeds kom, behalwe as dit van God af is nie. Dis reg. Wat sou ons vandag gedoen het as ons nie daardie plekke gehad het nie?

155 Ek weet toe ek die eerste keer onder die Pinkstermense begin het, het hulle—hulle, sommige net die deur agter my toegeklap. Maar julle sien wat God gedoen het, Hy het net reguit oorbeweeg, Hy het hulle lief, en laat hulle net voortgaan, in elk geval. Hy genees net dieselfde, so dit maak geen verskil nie. Ja, sekerlik, alle genesing is van God: “Ek’s die Here Wat al jou krankhede genees.”

156 Ek het dit al baiekeer gesê: Wat as ek my hand hier sny? Hulle het nie ’n medisyne in die wêreld wat daardie messny kan genees nie, nie een nie. As dit ’n messny daar sou genees, sou dit ’n messny aan my jas, of op hierdie lessenaar genees.

157 Jy sê: “Dit is nie gemaak vir jou jas of lessenaar nie, dit is gemaak vir jou hand.”

158 Goed. Ek het ’n messny op my hand en val dood neer. Hulle neem my af na die lykshuis, en balsem my liggaam met die vloeistof wat my natuurlik laat lyk vir vyftig jaar. Hulle het my elke dag ’n inspuiting penisillien gegee, hulle sit Merthiolate, en Mercurochroom op, hulle werk dit toe, die dokters het van Duitsland af gekom, en hulle het vir my stoombaddens gegee, en wat hulle nog wil gee. Daardie sny sal net presies wees soos dit was toe dit vyftig jaar gelede gesny is. Nou, as medisyne die menslike liggaam genees, waarom genees dit dit nie?

“Wel,” sê jy: “jy het geen lewe nie.”

159 Dan is medisyne nie die geneser nie, die lewe is die geneser, sien. Sê my dan wat lewe is, sal ek julle sê Wie God is. God is lewe, presies reg.

160 Nou, medisyne, *soveel* meer, is gevaarlik om te neem. Maar, o, jy mag wegkom sonder om die dokter se toksiene te neem, maar jy kan nie wegkom sonder God se Toksiene, Sy balsem nie. Kan dit nie doen nie. Dit sal—dit. . . Jy kan dit beslis nie doen nie.

161 En dan, hoe vind hulle toksiene? Wel, een of ander *wetenskap* lees 'n hele klomp goed en hulle kook dit saam, en sit dit in proefbuise, ensovoorts, en kook dit. Naderhand wanneer hulle daar kom, waar dink hulle het dit, spuit hulle dit in proefkonyne in, en as hy dit oorleef, dan spuit hulle dit in jou in. Reg.

162 En julle weet, medisyne sal sommige mense doodmaak, en sommige ander help. Penisillien het net soveel doodgemaak as wat dit gehelp het, omtrent. Dis reg. Ek het nou die dag gelees waar 'n verpleegster penisillien geneem het vir die laaste vyftien jaar, of meer, en sy het 'n dosis geneem en dit het haar doodgemaak, oombliklik. Sien? Nou, julle sien, dit sal sommige doodmaak en dit sal die ander help, want alle mense is nie soos proefkonyne gemaak nie. So, ons sien dat—dit—dis waarom dit sommige help en—en—en die ander doodmaak. Dis reg. Maar God se toksiene help almal. Dis 'n geneesmiddel, dis nie 'n kuur nie, dis 'n geneesmiddel. Amen. Reg.

163 Hulle sê nommer een moordenaar is hartprobleme, uh-uh, ek—ek verskil van julle, nommer een moordenaar is sondeprobleme, ongeloof, dis nommer een moordenaar. O, ja.

164 Julle weet, mense sê: "Ek kan net nie ophou rook nie, ek kan net nie ophou nie."

Man wat sê: "Ek was ontrou aan my vrou, Broer Branham, maar ek kan net nie daarmee ophou nie, een vrou is nie genoeg vir my nie."

165 En die ander een, een vrou het gesê: "O, ek weet nie Broer Branham nie, ek het net begin rondloop toe ek 'n jong meisie was, ek kan net nie ophou nie. Dit breek my huis op. Ek . . . "

166 Weet julle wat? Dis net omdat jy nie die toksiene probeer het nie, dis al. Jy weier net om dit te neem. Ons het die goed wat dit doodmaak. Ons het die goed wat jou ordentlik laat bly by jou vrou. Amen. Ons het die ding wat die begeerte van sigarette van jou wegneem. Ons het die goed wat sonde van jou wegneem, maar jy weier om dit te neem, dis al. Jy wil net nie die toksiene probeer nie, jy's bang vir jou sosiale posisie, bang vir daardie nuwe geboorte.

167 Julle weet, die nuwe geboorte is wat mense wil ontduik, hulle wil die probleem ontduik, so die duiwel verdoesel dit, gesê: "Wanneer jy glo, dis wanneer jy wedergebore word." Dis nie reg nie.

168 Luister, enige geboorte, soos ek vantevore gesê het, enige geboorte is 'n gemors. Ek gee nie om waar dit is nie. As dit in die varkhok is, is dit 'n gemors, 'n gemors van varke wat daarbuite gebore word, dis 'n verskriklike ding. As dit buite in die veld was wanneer 'n kalf gebore word, is dit 'n verskriklike ding, groot gemors. As dit buite in die pienk, versierde hospitaalkamer is, is dit steeds 'n gemors. En die nuwe geboorte is 'n gemors, maar

jy moet daardie morsige ding hê om nuwe Lewe voort te bring. Amen.

169 Dis wat die probleem is met die mense vandag, hulle is bang dit sal van die grimering van hulle gesig afwas of hulle laat regkom, hulle het die toksiene, maar hulle wil dit nie neem nie. En God gaan jou vra: "Waarom," eendag: "het jy dit nie gedoen nie? Hoekom het jy nie?"

170 Daar's toksiene, daar's balsem in Gilead, daar's dokters daar. Maar die rede is omdat die mense nie na hierdie Geneesheer wil luister nie, hulle wil 'n aspirien hê in plaas daarvan, hulle wil nie die geval diagnoseer nie.

171 Wanneer jy na 'n dokter toe gaan en vir hom sê: "Ek—ek's siek, my maag is seer, my kop is seer," hy van jou wil ontslae raak, wel, die eerste ding wat hy doen, sal hy vir jou 'n formuletjie gee wat 'n bietjie aspirien daarin het, en jou uitstuur. Dis nie 'n dokter nie, hy probeer van jou ontslae raak. 'n Regte dokter sal daardie geval ondersoek totdat hy die rede vind, en dan van daar af begin werk.

172 Waarom ons baie mislukkings kry van hierdie dienste, sogenaamde *genesingsdienste*. Jy gaan soontoe en jy's in die ry, hou daardie onderskeiding dop, gaan af en vind daardie ding, totdat dit die oorsaak daarvan vind. Wanneer jy die oorsaak vind: "Hier's wat dit is: jy doen *dit*, jy doen *dat*," onsedelike lewe en dinge, mense wat na die platvorm toe kom.

173 Julle het dit in die dienste gesien, het julle nie? Steek julle hande op as julle die Heilige Gees daardie dinge sien onderskei het en hulle sondes uitgeroep het, mans wat ontrou aan hulle vroue lewe, en sulke dinge. Het dit ooit gefaal? Dis altyd die waarheid. Jy het. . .Jy kan olie op hulle koppe gooi, en stamp, en skree, en rillings en koue rillings hê, en alles, daardie duiwel sal net daar lê, want hy het 'n reg om daar te bly, totdat jy daardie sonde bely, en dit regmaak, en die Heilige Gees laat inkom. Halleluja! Terug na Pinkster!

174 "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie?" Sekerlik, is daar, maar die mense wil nie die medisyne hê nie, hulle wil nie God se toksiene hê nie, dis al. O, ja, daar—daar—daar's balsem in Gilead, en daar's 'n Geneesheer daar, maar die mense wil nie na die Geneesheer luister nie, um-hum, bang vir die nuwe geboorte.

175 Daar was 'n tyd toe die—die toksiene, selfs vir sonde, nie te goed was nie, want dit was van lammers, en duiwe, en beeste, ensovoorts, maar beter nou, daar het 'n verskil gekom.

176 Julle weet, soos ek gesê het, wanneer dokters hulle toksiene wil probeer, spuit hulle dit in 'n proefkonyn in en kyk hoe hy reageer. Maar julle weet, toe God Sy toksiene afgebring het, het Hy dit nie in 'n proefkonyn gesit nie, Hy het dit in Sy Seun, Homself, ingesit. Hy het vir Homself 'n liggaam gemaak, glo julle

dit? Hy het die maagd Maria oorskadu en vir Homself 'n liggaam geskep, Sy rol verander vanaf God Jehova, na 'n Man hier op aarde om Homself uit te druk deur 'n liggaam. En Hy het dit nie vir 'n proefkonyn gegee nie!

177 En ek wil sommige van hierdie sosiale doktrine regstel wat hulle sê dat Hy net 'n profeet was. Hy het dit nooit vir 'n profeet gegee nie, Hy het dit vir Homself gegee. Enige goeie dokter sal sy eie medisyne neem, kyk of dit werk. Jesus het dit vir Homself gegee.

178 Hy is gedoop by die Jordaan met die Heilige Gees. Johannes het getuig, die Gees van God soos 'n duif op Hom sien neerdaal, 'n Stem wat sê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon."

179 Hulle het dit dopgehou: Toe Hy versoek is, het die toksiene gehou; toe Hy in die gesig geslaan is, het dit gehou; toe Hy uitgeskel is, het Hy nie teruggepraat nie; toe hulle 'n lap om Sy kop gesit en Hom op die kop geslaan het met 'n stok, gesê het: "As jy 'n profeet is, sê nou vir ons wie jou geslaan het," het die toksiene gehou; toe hulle baard uit Sy gesig uitgetrek en in Sy gesig gespoeg het, en dronk soldate keel skoongemaak en in Sy gesig gespoeg, en handevol baard uitgetrek het, het dit gehou; op Gólgota, het Dit gehou, halleluja; in die uur van die dood het dit gehou; toe Hy gesterf het, het dit gehou; toe Sy Siel in die hel neergedaal het, het dit gehou.

180 Maar op Paasoggend het dit bewys Dit was God. Die toksiene wat Hy gee, is Ewige Lewe. Hoe kan jy dit in die hel hou? Hoe kan jy dit op enige ander plek hou? Die poorte van die hel, die dood, en die graf kon dit nie hou nie. Hy het weer opgestaan op die derde dag, bewys dat die toksiene werklik was. Amen. Hy het opgestaan! O, toe hulle Hom sien opstaan het! Die profete het gesterf en is begrawe, maar Jesus het weer opgestaan.

181 God se toksiene het neergedaal soos 'n duif van bo, geland op Sy Eie Seun, en Hy het 'n lewe gelei, vreedsaam, rondgegaan, nie 'n afwyser, 'n groot hoogmoedige iewers, opgeblaas: "Kyk wat Ek kan doen?" nie. Hy het Homself verberg, en bedwing, en eenkant gehou van die mense, ensovoorts, is alles genoem wat genoem kon word, en Hy het net reguit aangehou om die nederiges, die siekes, die prostitute, en alles wat daar was, te bedien, dit het gehou, elke versoeking het dit gehou, en in die dood het dit gehou.

182 In die lewe het dit gehou, in die dood het dit gehou, en dit het in die opstanding bewys dat dit Ewige Lewe was. Dis God se Eie Lewe. Die woord *Ewig* kom van die Griekse woord van *Zoe*, wat beteken "God se Eie Lewe is in Hom." En wanneer jy die Heilige Gees ontvang, is Dit Ewige Lewe, en is God se Eie Lewe in jou, kan jy net so min sterf as wat God kan.

183 Hy het Homself verdeel, toe Hy afgekom het op die Dag van Pinkster en Homself verdeel het, Vuurtonge, daardie Vuurkolom,

regdeur die kerk versprei en op elkeen van hulle gesit, God wat Homself verdeel onder Sy Kerk. Glorie! “Op daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My, en Ek in julle.” Amen. Dis Pinkster, dis die ware seëning.

184 Die toksiene het gehou, ja. En wat het gebeur? Daarna, het almal van hulle gesien dat Dit daardie selfde Jesus was. Thomas het gesê: “Ek moet my hand in Sy hand sit, en in Sy sy.” En toe het hy gesê: “My God! My Here en my God!” Die res van hulle het dit gesien, hulle het dit geglo.

Hy het gesê: “Wil julle graag ingeënte kêrels wees?”

Gesê: “Ja, ek wil ook bietjie van daardie inenting hê, want ek wil ook opstaan, in die laaste dag.”

185 Gesê: “Ek sal julle sê wat julle doen: Gaan julle op na die stad van Jerusalem, en hou op met julle prediking, hou op met julle sang, hou op met julle getuienis, maar gaan daar op na die stad van Jerusalem en wag, want Ek gaan ’n hele besending daarvan uit die Hemel afstuur.”

186 En toe dit gekom het, was dit nie ’n—’n prediker wat gesê het nie: “Nou, staan op, en ons sal na die altaar toe kom, en ’n bietjie soutpot sprinkel, ensovoorts,” nie. Of ’n priester wat in die pad opgekom met sy kraag omgedraai, wat sê: “Lek jou tong uit, ons sal die heilige eucharistie neem,” en hy die wyn drink nie. Hulle het al daardie dinge vervang, dis doktrine van die mens.

187 Maar toe Hy die toksiene daarnatoe afgestuur het, meteens, het ’n geluid uit die Hemel gekom, soos ’n magtige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. En God het ’n honderd-en-twintig ingeënt, toksiene het in hulle ingekom, Ewige Lewe. ’n Klomp lafaards, hulle was nie meer lafaards nie, hulle het by die vensters, deure, en alles, uitgegaan in die strate, en gesteier.

188 Luister, my Katolieke suster, die geseënde maagd Maria was saam met hulle, en sy wat die moeder van ons Here Jesus Christus was. En as God haar nie Hemel toe wou laat kom, voor sy opgegaan en die Heilige Gees gekry het en opgetree het soos die res van hulle, gesteier het asof sy dronk was nie, hoe gaan jy met enigiets minder as dit in die Hemel kom? Dink daaraan.

189 Jou Metodiste vrou, wat dink omdat jy aan die kaartpartytjie behoort, en julle Baptiste wat in water gedoop is en dink dis al, en julle Kerk van, *sogenaamde*, Kerk van Christus, en die res van julle, en julle Adventiste met die sewende dag, julle Pinksters wat net by die denominasie aansluit, hoe gaan julle in die Hemel kom met enigiets minder as die doop van die Heilige Gees? Hoe gaan jy as jy nie ingeënt is nie? Jy moet dieselfde ding hê. Reg.

190 Ja, hulle het almal gesteier soos dronk mense. Hulle—hulle het buite gestaan, vir hulle gelag, gesê: “Hierdie mense is vol nuwe wyn.”

191 Uiteindelik, het daar 'n ou predikertjie opgestaan op 'n seepkis, of 'n stomp, wat geen geleerdheid gehad het nie, nie sy naam kon skryf nie, hy was nie in sommige van ons skole nie, maar hy het gesê: "Julle manne van Judéa, en julle wat in Jerusalem woon, laat dit aan julle bekend word: Hierdie mense is nie dronk, soos julle dink nie, want dit is nog maar derde uur van die dag. Maar *dit* is *daardie*." Broer, as *dit* nie *daardie* is nie, sal ek *dit* net hou totdat *daardie* kom. . . ?. . .

192 Wat het gebeur? Hulle is in hulle hart getref, en hulle het gesê: "Manne en broers, hoe word ons ingeënt? Is daar nog balsem in Gílead? Is daar enige geneesheer daar?"

193 Ja, hulle het baie balsem gehad. Hulle het 'n geneesheer gehad. Wil julle graag weet wat sy naam was? Hulle het hom Dr. Simon Petrus genoem. "Ja, ons het 'n geneesheer hier, om julle die waarheid te sê, hy het die sleutels van die Koninkryk. Hy het 'n geneesheer, ons het baie balsem."

"Wat kan ons doen?"

194 En Petrus het in hulle midde gestaan, en vir hulle gesê: "Ek sal vir julle 'n voorskrif uitskryf, en dit sal julle toekom, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, en selfs soveel as wat die Here onse God sal roep. Dit sal 'n Ewige voorskrif wees." En hy het gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, almal wat die Here onse God sal roep."

195 Hoe lank gaan hierdie voorskrif hou? Solank as wat God roep, steeds dieselfde Heilige Gees.

196 Nou, wat dit is, as jou dokter vir jou 'n voorskrif uitskryf, en jy beter dit na die regte apteker toe neem, want jy neem een of ander kwak apteker wat nie daardie voorskrif net reg diagnoseer nie, hy kan die pasiënt doodmaak. Ek dink dis wat gebeur het, ons het te veel ou, dooie, formele kerke, hulle gebruik nie die voorskrif nie. Dit klink reguit, maar dis waar.

197 Nou, daardie dokter diagnoseer die geval, hy weet net wat nodig is, *soveel* gif om 'n kiem dood te maak, *soveel* teenmiddel om die gif te neutraliseer, te keer dat dit jou doodmaak. Sien? En as jy al die gif daaruit haal, wat sal dit dan doen? Jou pasiënt, sal hom niks help nie. Neem jy al die teenmiddel uit, sal jy jou pasiënt met gif doodmaak. So jy beter 'n regte apteker hê wat weet hoe om daardie voorskrif te lees, om jou te sê wat om te doen. Moenie met daardie voorskrif lol nie. En wat vandag die probleem is, daar was te veel mense wat daarmee gelol het. Los dit net soos dit is, en neem die medisyne. Halleluja!

198 Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Katolieke, koue, formele Pinksters, die res van julle, daar's balsem in Gilead, en *hier* is

geneeshere hier. Halleluja! Wat is die probleem? Daar's baie van hulle wat elke sonde sal laat ontplof en elke . . .

199 Is daar geen balsem in Gílead nie? Sekerlik, daar is. Is daar dokters daar? Baie van hulle, hulle sal Dit onderrig net soos *sy* daar geskryf is, nie net opkom en jou brief neem, en sê: "Ek verander dit van die Metodis oor na die Baptis nie." O, goeiste! Opstaan en 'n soutpotjie vat, en 'n paar soutsprinkels water op jou gooi soos *daardie*, en sê: "Dis alles verby, Broer, gee die regterhand van gemeenskap, en ses maande proeftydperk." Onsin.

200 Petrus het gesê: "Bekeer julle, elkeen van julle." Bekeer, draai om. Dis reg.

201 "Wel," sê jy: "maar Broer Branham, toe ek my brief geneem het, het ek die manne gevra hieroor, ek het dit in die Bybel gelees, maar hulle het gesê: 'O, dit was lank gelede, hulle het dit nie meer nie.'"

202 Wat het die dokter gesê? Hy het gesê: "Die belofte kom julle tor e, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

203 "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie." Aan wie? "Elke skepsel, elke skepsel." Hoe ver? "Die hele wêreld." Het dit nog nooit bereik nie. Hoe lank moes dit hou? "Die hele wêreld." Wat sal gebeur? "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat, as hulle 'n slang sou opneem, of iets dodeliks sou drink, sou dit hulle nie skaad nie, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

204 Ons het balsem in Gilead, ons het dokters, maar die mense weier net om dit te neem. En God gaan vra: "Hoekom? Hoekom het julle nie?" by die Oordeelsdag.

205 Nou, ons het die medisyne uitgegooi hierdie week so hard as wat ek geweet het hoe om dit uit te gooi, en so reguit as wat ek geweet het hoe om dit te bring. Nou, as julle dit nie ontvang nie, dan gaan God sê: "Hoekom?" Eendag gaan die Bybel toe lê op die preekstoel, die prediker gaan speel . . . sy laaste gebed bid, die sinjale sal wegsterf van die beuel, en die son sal sy laaste keer ondergaan oor die heuwel, dan gaan God julle vra om 'n rede te gee.

Wanneer hulle wat die Boodskap verwerp
Gevra gaan word vir 'n rede, wat dan?

Wat dan? Wat dan?
Wanneer daardie groot Boek oopgemaak word,
wat dan?
Wanneer hulle wat *hierdie* Boodskap verwerp
vanaand,
Gevra gaan word vir 'n rede, wat dan?

206 Julle het hierdie herlewing bygewoon, God het alles gedoen wat in die Boek is vir julle, dit bewys, solank julle lewe . . . mense het die Heilige Gees ontvang, hulle is gevul met God se Gees, jonk en oud; hulle—hulle het bekeer van hulle sondes; hulle het vreugde in hulle hart gekry; ons het Goddelike genesing sien plaasvind, mense met hartprobleme, en verskillende siektes wat genees is; ons het die Engel van God sien afkom, deur die gebou gaan net soos Hy gesê het net voor die Koms van die Here sou wees, die geeste en sulke dinge onderskei; profetiese uitsprake het uitgegaan; mense het in tale gepraat, en geprofeteer, en die Woord heen-en-weer bevestig, julle het gesit en dit gesien. Wat kies julle vanaand, Hollywood of die heilige Hemel? Julle gaan gevra word om eendag 'n rede te gee, wat dan?

207 Eenkeer was daar 'n ou vrou hier in die platteland, sy was sterwend, sy was dood van die honger, armoedig. So, iemand het haar oorgegee aan die owerhede, die liefdadigheid. En hulle het na hierdie vrou toe gegaan, en hulle het vir haar gesê: "Ons kom om jou saak te ondersoek, en ons wil weet wat is—wat verkeerd is." Gesê: "Het jy geen familie nie?"

Sy het gesê: "Ek het 'n lieflike seun."

Gesê: "Waar . . . ?"

Gesê: "Hy's 'n sakeman."

"Waar is hy?"

"Hy's in Indië."

"Wel," het sy gesê "is hy 'n sakeman?"

Gesê: "Ja."

So gesê: "Hoekom stuur hy nie vir jou iets nie?" Gesê: "Hoe lank is hy al daar oorkant?"

Gesê: "Omtrent tien jaar." Gesê: "O, hy's 'n baie welvarende sakeman."

Gesê: "Wel, waarom help hy jou nie?"

208 Gesê: "Ek kan hom net nie vra nie, ek kan dit net nie doen nie, hy's so 'n lieflike seun," gesê: "ek kan hom net nie daarvoor vra nie." En gesê: "Ek skryf vir hom briewe, en hy skryf vir my die mooiste briewe wat enige seun vir sy ma kan skryf, en sê vir my hoe lief hy my het." Maar gesê: "Maar ek kon hom net nie daarvoor vra nie."

En gesê: "Wel, jy behoort hom te vertel."

209 Gesê: "Ek kan dit net nie doen nie, vir my eie seun sê dat ek armoedig is, en dinge nie," gesê: "ek kan dit net nie doen nie." Maar gesê: "Hy stuur vir my die mooiste prentjies wat ek ooit in my lewe gesien het."

En gesê: "Wel, watter soort prentjies?"

Gesê: "O, mooi klein prentjies, omtrent *so* groot, vierkantig."

Gesê: "Mag ek een sien?" Gesê: "Waar het jy hulle?"

210 Sy het gesê: "Ek hou hulle in my Bybel." So oor die vloer het die ou moeder gegaan, en sy het haar Bybel opgetel, en hulle begin uitlê, hulle uitgelê.

211 Die ondersoekbeampte het na hulle gekyk, sy was 'n ryk vrou. Wat was hulle? Hulle was bankwissels van Indië, hulle het mooi prentjies op hulle gehad. Waar het sy hulle gevind? In haar Bybel. Sy was ryk en het dit nie geweet nie. Waar het sy dit gevind? In haar Bybel.

212 Jy hoef nie op te tree soos die wêreld nie, jy hoef nie so gebonde te wees nie, jy's ryk. Waar kry jy dit? In die Bybel. Jy het Dit net deurgekyk, gedink Dit was net 'n prentjieboek, of een of ander *Ware Verhaal*, maar Dit is nie, Dis God se Woord. Jy is ryk!

> Ek's die kind van die Koning!
> Ek's die kind van die Koning!
> Met Jesus my Verlosser,
> Is ek 'n kind van die Koning!
>
> My Vader is ryk met huise en lande,
> Hy hou die rykdom van die wêreld in Sy hande!
> Van robyne en diamante, van silwer en goud,
> Sy koffers is vol, Hy het ongekende rykdom.

Sing dit.

> Ek's 'n kind van die Koning!
> 'n Kind van die Koning!
> Met Jesus my Verlosser,
> Is ek 'n kind van die Koning!

213 Laat ons ons hoofde buig. "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom maak My Kerk dan steeds soos hulle maak? Waarom gaan My Kerk die heeltyd weg van My? Is dit omdat daar geen balsem in Gílead is nie, omdat daar geen dokters is om hulle geval te diagnoseer, en hulle te laat weet dat hulle verkeerd is nie?"

214 Nee, ons het dokters, ons het balsem, maar die mense wil dit nie hê nie. Ek het dit eers op die pastore begin lê, maar ek het uitgevind, maak nie saak hoeveel ek dit preek nie, hulle beweeg in elk geval nie. Mag nie die pastoor wees nie, dit mag die gemeente wees. Sien? Dis reg. As julle dit wil hê, daar's 'n balsem in Gilead.

215 Hoeveel wil graag na die Groot Geneesheer toe kom vanaand, al jou sondes van jou laat wegbeweeg, onuitspreeklike vreugde, en vol heerlikheid in jou hart hê? Sal jy jou hand opsteek? Sê: "Bid vir my, Broer Branham." God seën jou, dame, hier oorkant. God seën jou, jongman. God seën jou daaragter. God seën jou daarbo. Dis baie goed. O, sekerlik. God seën jou hier oorkant, meneer.

216 Bo in die balkon, wil julle die Groot Gene-. . .? God seën jou, ja meneer, ek sien jou hand oorkant aan my regterkant. Sou . . .? En hierdie dame hier, God seën jou, jong dame. Groot besluit om te maak.

217 "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom is My volk dan steeds belas met sonde? Waarom mor hulle steeds oor die dinge van die wêreld? Is daar nie genoeg bevrediging in My Evangelie om te sorg vir elke verlange wat hulle het nie? Is daar genoeg vreugde wanneer hulle My ontvang? Gee ek hulle nie genoeg vreugde en liefde, dat dit al die liefde van die wêreld uit hulle sou wegneem nie? Ek het gesê, julle weet: 'As julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van Vader nie in julle nie.' Is daar genoeg vreugde om God te dien om jou weg te neem van die dinge van die wêreld? Waarom word die dogter van My volk dan nie genees van hulle sonde siekte nie?"

218 Sou daar nog een wees voor ons bid? Steek jou hand op, sê: "Bid vir my, Broer Branham." God seën jou daaragter, dame. O, dis wonderlik! Sewe of agt hande het opgegaan. Is daar nog 'n paar? Sê: "Bid vir my, Broer Branham, ek—ek wil die balsem van Gilead hê." Daar is 'n balsem in Gílead.

219 Sou daar iemand anders wees wat graag wil wees. . .die toksiene van die Heilige Gees in jou siel ingebring wil hê? Sal jy net jou hand opsteek? Sê: "God, ent my vanaand in teen die dinge van die wêreld, en ent my in teen al my ongeloof, dat ek geloof kan hê om uit te staan soos 'n ware Christen." Steek jou hand op, sal jy? God seën jou, meneer. God seën jou, jongman, wat hier sit. God seën jou daaragter, my vriend. God seën jou, broer. Hier, dis goed.

220 "Ent my in, Here, teen die dinge van die wêreld. Ek het gedink ek kan hulle nie opgee nie, maar eintlik, het ek nog nooit U toksiene geneem nie, ek sou dit graag wou hê, Vader. Laat die Heilige Gees net kom en my siel inent teen al die sorge van die wêreld. Onthou my in gebed, Broer Branham, ek steek my hand op, want ek glo." God seën hierdie jong vrou, wat net hier sit. God seën hierdie hier oorkant. Ja, jong broer, God seën jou, dis goed. Goed. Reg hier oorkant, ja, die Here seën, ja, reg oorkant in die hoek, ek het twee. Ja, die Here sien julle hand.

Laat ons nou saam bid.

221 Hemelse Vader, eenvoudig en liefdevol, kom ons na die Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, waar sondaars onder die vloed ingaan, en al hulle skuldvlekke verloor. Hulle het hulle hande opgesteek, Vader, omdat dat—dat hulle glo. En ons weet dat hulle 'n gees in hulle hart is, en toe het die Heilige Gees na hulle toe gekom, en gesê: "Jy's verkeerd, jy's verkeerd. Waarom aanvaar jy My nie vanaand nie?"

En hulle het gesê: “Ja, Here,” en hulle het hulle hand opgesteek.

222 Nou, U het gesê in Johannes 5:24: “Hy wat My Woord hoor,” en Here, na die beste van my wete het ek Dit gepreek, “Hy wat My Woord hoor, en,” voegwoord: “glo in Hom wat My gestuur het, het,” teenswoordige tyd: “ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom, by die Oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Vader, ek—ek lê dit voor U, dis U Woord. U het gesê: “Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie.” U het gesê: “Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.”

223 Nou, ons word in die Bybel geleer: “Soveel as wat geglo het, is by die Kerk gevoeg.” Nou, Vader, in ’n daad van geloof, plaas ek hierdie mense, wat hulle hande opgesteek het, in die Kerk van die lewende God deur ’n belydenis van geloof, dat hulle U kinders is van vanaand af. En nou, Vader, hulle het na die Dokter se spreekkamer toe gekom, hulle het nou by die deur ingekom, en hulle wil kom na die Groot Geneesheer dat die Heilige Gees vir hulle gegee kan word, die Inenting, die Balsem, wat hulle sal weghou van die dinge van die wêreld.

224 U het gesê: “Nadat julle geglo het, is julle verseël met die Heilige Gees van belofte.” Ek bid, God, dat hulle daardie Heilige Gees van belofte sal kry nadat hulle U kinders geword het. Skenk dit.

225 Nou, terwyl ons ons hoofde gebuig het, gaan ek elkeen vra wat hulle hand opgesteek het om net ’n oomblik op te staan vir ’n woord van gebed. Elkeen wat julle hande opgesteek het, ek—ek glo nie julle het dit net vir die pret daarvan gedoen nie, ek glo julle het dit regtig bedoel voor God in ’n diens soos hierdie. Staan op, dis reg, staan op julle voete. Oral, bo in die balkon, waar julle ook al is, staan op julle voete. Dis reg. God seën julle. Dis goed. Staan net op julle voete net ’n oomblik. Buite in die saal, as jy net op jou voete staan, sê: “Ek—ek maak daardie belydenis self.” Daar is baie wat nou staan.

226 Nou, my—my liefdevolle, pasgebore broers, en susters, ek—ek dink aan die visioen wat ek gesien het. Eendag oorkant in ’n land, wens ek ek kon nou net daar uitstap, en my arms om julle sit, en julle omhels. Dit—dit kan nie so wees in hierdie menslike lewe nie, ek kan dit nie doen nie, maar net oor die grens, sal ek eendag. Julle sal so bly wees, ek sal so bly wees wanneer ek julle sien, en julle my sien, en ons—ons sal dan ware broers en susters wees. Ons het nou net ’n klein bietjie daarvan.

227 Nou luister, ek gaan julle vertel wat God gesê het, God het gesê: “Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Nou, jy het gekom omdat jy weet jy is nie waardig om te

kom nie, maar jy het gekom omdat iets in jou hart vir jou gesê het dat jy verkeerd was, en jy wil nie meer verkeerd wees nie. Dis 'n ware belydenis. Nou, die Bybel het dit gesê: "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele."

228 Nou, geestelikes, is dit wat Jesus gesê het? Hy het dit gesê. Nou, wat het julle gedoen? Julle het hier gestaan voor ten minste seshonderd mense, of miskien meer, in hierdie gebou vanaand, om 'n getuienis te gee, "Ek is verkeerd, en ek aanvaar Jesus Christus as my Verlosser. Ek. . .Daar's Iets wat met my hart gepraat, en gesê het: 'Hierdie is die aand vir jou,' so ek staan op omdat ek 'n getuienis gee dat ek verkeerd is; ek wil hier staan om 'n getuie van Christus te wees."

229 Nou, Christus sal 'n getuie van jou maak. En Hy het gesê: "Ek sal van julle getuig voor die Vader, en die heilige Engele."

230 Nou, terwyl julle staan soos julle is, wil ek hê julle, elkeen, as julle glo dat Jesus die Seun van God is, en op Gólgota toe daardie swart wolke oor die kruis gedryf, die weerlig geflits het, Jesus sterwend was, gedors het, uitgeroep het, God besig was om Sy kwaai toorn op Jesus uit te stort, en Hy dit vir jou plek geneem het (Glo jy vrylik dat dit waar is, dat Hy dit in jou plek geneem het?), en jy nou Sy kwytskelding sal aanvaar, nie hoe jy voel nie, maar wat jy glo, dat—dat Hy dit vir jou gedoen het, as jy dit sal aanvaar, en sê: "Here, die. . .Ek kan nie iets doen nie, ek—ek's net 'n vreeslike sondaar, maar ek aanvaar wel U vergifnis vir my. Ek—ek aanvaar dat U in my plek gesterf het, ek glo dit met my hele hart," steek jou hand op, jy wat. . .Ja, dis goed. Elkeen, elkeen.

231 Nou, sover ek weet in die Skrif, dis al wat ek kan gebruik, is jy gered van. . .sal jy nooit in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.

232 Nou, ek wil hê julle Christene wat naby hierdie mense staan wat opstaan, ek wil hê julle moet julle kop oplig en kyk, ek wil hê julle moet hulle hande skud en sê: "God seën jou, my broer, suster. Welkom in die Koninkryk van God." Draai net om, skud hulle hande. Dis reg. "Welkom, my Christenbroer, suster." Dis reg. Ek sien vroue wat mekaar omhels, en dinge, net wonderlik. "Welkom in die Koninkryk van God."

233 Ek wil hê julle moet nou een of ander goeie Volle Evangelie kerk vind, 'n man julle laat doop in Christendoop, dan te soek na die doop van die Heilige Gees. Nou, dit ent jou in teen die einste ding wat jou veroordeel het vanaand, jy gaan net bokant dit. Sien, inenting beskerm jou teen die siekte. Inenting van die Heilige Gees gee jou krag om al die versoekings van die wêreld te oorkom. Is dit reg, geestelikes? Dis jou. . .dis die balsem, dis die balsem van die inenting wat. . .Julle sê: "Ek—ek het probeer, Broer Branham, maar—maar ek het misluk." Maar jy sien, dis nie

wat jy doen nie, dis wat Hy vir jou gedoen het. Dis nie wat jy is nie, dis wat Hy is. Glo jy Hom.

234 Nou, laat . . . kom net na Hom toe, vertrou Hom as jou Geneesheer, en laat Hy jou nou inent teen versoekings van die . . . Nou, jy sal versoek word, natuurlik, maar 'n goeie, sterk plant hoef nie gespuit te word nie, dis sterk en kragtig, sy weerstand weerstaan die bose parasiete. En dis hoe 'n goeie sterk Christen is, hy kan alle versoekings oorwin, omdat dit al die dinge van die wêreld omverwerp.

Die vrou kan sê: "Komaan, skat, jy gaan nie nou outyds wees nie, jy gaan na die dans toe."

"Ek het 'n kosbare Pêrel gevind."

"Nou, jy weet jy gaan weer rook."

"Nee, meneer, ek het *Iets* gevind wat soveel groter is. O, Dis soveel groter!"

235 God seën julle nou. Julle mag maar sit. En God sy met julle. Ek bid dat na die gebedsry, dat jy jou pad sal vind na die altaar van God, en sal vervul . . . gevul word met die Heilige Gees vanaand. Ek bid dat God ons Vader dit vir julle sal skenk. Hmm! Is Hy nie wonderlik nie?

236 Nou, wanneer ons dit doen, is die groot Heilige Gees hier . . . Terwyl ek uitgekyk het oor die gehoor, kon ek net . . . Ek weet net ons gaan 'n groot gebedsdiens vir die siekes hou. Voor ons dit roep, laat ons net hê . . . Hoeveel het nie 'n gebedskaartjie nie? Ek wil nie enigiemand met 'n gebedskaartjie hê nie, want ek gaan vir julle hier bid. Diegene sonder gebedskaartjies wat siek is, steek julle hande op. Goed. Nou, hou net jou hand op, sodat ek net kan rondkyk, hou op julle hande in hierdie distrik.

237 Hier's 'n dame, is net hier, jy laat net nou jou hand sak. Ja. Jy het nie enige gebedskaartjie nie? Wel, sodat daardie pasgebore babas sou weet dat hierdie Gees wat gepreek het, nie ek was nie, dit Hy was. Sien? Om hulle te laat weet . . . Nou, ek wil hê julle moet na my kyk, en my glo as Sy dienskneg. Sal julle dit doen? Kon Jesus uitkyk oor die—die gehoor . . . en—en met hulle hele hart glo dat God die siekes kon genees? Glo julle dit? Goed, wat as ek jou vertel het dat jou probleem verby was? Jou nierprobleem, galblaasprobleem, en dinge, het jou klaar verlaat, en jy is gesond gemaak. Nou, steek jou hand op as dit reg is. Goed, gaan nou net, en glo, en hê geloof, word gesond gemaak.

"As julle kan glo!" Glo julle nou met julle hele hart?

238 Goed, oorkant aan hierdie kant. Daar's 'n gekleurde vrou met haar hand op. Wat dink jy, Suster? Glo jy dat ek God se profeet is, of, Sy dienskneg? Ek dink ek het genoeg guns by die skare om *profeet* te sê. Goed. Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy's 'n Ethiopiese vrou, ek's 'n Anglo-Saksiese man, soos Jesus die vrou by die put ontmoet het, net 'n oomblik met haar gepraat het. Nou, as Jesus

vir my jou probleem sal laat weet, sal jy glo dis dieselfde Gees wat op Hom was, die Een is wat op my is? Jy sal? Dan sal jou hoë bloeddruk jou verlaat.

Glo jy? Hê geloof, moenie twyfel nie, glo net met jou hele hart. Hê geloof, en moenie twyfel nie.

239 Nou draai ek my rug, bid julle. 'n Dame verskyn voor my, sy sit in hierdie rigting. Sy ly aan bursitis. Staan op. Haar naam is Mev. Hart. Staan op. Het jy 'n gebedskaartjie? Nee, jy het nie; jy het dit nie nodig nie. Jy het *Iets* aangeraak, het jy nie?

240 Glo jy met jou hele hart? Nou, hoeveel weet dat Jesus Christus gesê het daardie selfde Gees sou hier wees? Hoeveel weet dat dit die teken van die Messias was toe Jesus op aarde was? Hoeveel weet Hy het dit belowe aan die uitverkore Kerk in die laaste dae? Wel, hier is dit.

241 Nou, julle sien, nuwe bekeerlinge, na tweeduisend jaar, dit het nooit in tweeduisend jaar gebeur nie, want die Aandligte skyn. Die Bybel het gesê daar sou 'n dag kom wat nie dag of nag sou wees nie, maar in die aandtyd sou dit lig wees. Um-hum. Daar is Hy. Nou, watter soort Lig sou dit wees? Dieselfde son wat in die ooste opgekom het, sak in die weste. Is dit reg? Die Aandlig het gekom. Glo julle dit?

242 Nou, hoeveel het 'n gebedskaartjie? Laat ons julle hande sien. O, dis, reken ek, na aan 'n honderd. Nou, waar is my seun? Watter gebedskaartjie het jy uitgegee? C, van een tot, tot vyftig, van een tot vyftig. Wie het gebedskaartjie nommer een, twee, drie, vier, vyf? Laat hulle eerste net hier opstaan. Een, twee. Sê wat? Een, twee, drie, vier, vyf, ek sien hulle. Ses, sewe, agt, nege, tien, laat hulle kom. Reg *hier* in 'n ry, die seun sal julle in 'n ry laat staan, kom net volgens jou nommer. Tien.

243 Gaan nou moeilik wees om daardie salwing af te skud. Hmm! Klaar begin, bly uitbeweeg oor die gehoor.

244 Elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien, negentien, twintig, een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig.

245 Kom net soos ek roep, as julle sal. Kom reg rondom *hierdie* kant toe, en gaan reguit terug in die ry daar. Vyf-en-twintig, ses-en-twintig, sewe-en-twintig, agt-en-twintig, nege-en-twintig, dertig, een-en-dertig, twee-en-dertig, drie-en-dertig.

246 Wat van julle almal wat net in die ry inkom net hier van drie-en-dertig af net hier? En dan kon hulle inkom in daardie ry daaragter. Drie-en-dertig, vier-en-dertig, vyf-en-dertig, ses-en-dertig, sewe-en-dertig, agt-en-dertig, nege-en-dertig, veertig. Sommer net hier, wanneer die einde van daardie ry kom, kan hulle reg daarby inval. Een-en-veertig, -twee, -drie, -vier, -vyf, -ses, -sewe, -agt, -nege, vyftig. (*Glo net.*)

Glo net,

Alle dinge is moontlik, net. . .

247 As enige van die Volle Evangelie Sakemanne hier is, wil ek graag 'n paar van daardie boeke hê met daardie—dat, Broer Tommy Hicks, as jy hier is, jy het 'n mooi deel daarin geskryf, dis baie mooi. Daar's net 'n bietjie meer daaraan, maar jy het dit net wonderlik gemaak, ek waardeer dit. Ek wil graag 'n paar vir my vriende hê, ek sal hulle koop, miskien drie, of vier, vyfhonderd van hulle.

248 Nou, in plaas van om te sê. . .Nou, laat ons sing: "Nou glo ek." Glo julle nou? Julle weet, Jesus het reg aan die einde van die. . .reg aan die einde van Sy bediening, Sy dissipels kon Hom nie verstaan nie, niemand het Hom verstaan nie. Hoe weet. . .? Hoedat. . .Hoeveel weet dat hulle Hom nie kon verstaan nie? Sekerlik. Hoekom? Hulle het gedink Hy het 'n dubbele persoonlikheid gehad. Nee, partymaal was dit Jesus wat gepraat het, partymaal was dit die Vader in Hom wat gepraat het. Sien? Sien? Dit was dit. Die Man. So Jesus het gesê soos. . .

Hulle het gesê: "*Nou* glo ons. *Nou* glo ons dat U alle dinge weet en geen mens U hoef te leer nie. Ons. . . "

Jesus het gesê: "Glo julle nou?" Sien?

Laat ons dit sing: "Nou glo ek, Here. U het genoeg gedoen, U het ons die Heilige Gees gegee, U gee ons praat in tale."

249 Nou, hoeveel Pinksters is hier? Laat ons julle hande sien. Goed. Nou, sê die Bybel nie, Paulus het gesê, die groot Paulus het gesê: "As daar is. . .As julle almal in tale praat, en die ongeleerdes kom in, en—en julle almal praat in tale, hulle sal sê julle is mal. Maar as een 'n profeet is, en die verborgenheid van die hart sal openbaar, dan sal hulle neerval, sê: 'Waarlik, God is met jou.'" Is dit reg? Net presies Pinkster wat aankom. Sien? Sien? Moenie uitgaan in die trant van die wêreld nie, bly Pinkster.

250 Al julle Metodiste hierbinne, hoeveel hierbinne was voorheen Metodiste? Laat ons julle hande sien. Sien? Hoeveel was Baptiste? Steek jou hand op. Hoeveel was Presbiteriane? Steek jou hand op. Hoeveel was Katoliek? Steek jou hand op. Sien? Ek sê jou toevallig, vriend, kom ek uit 'n Katolieke familie, ook. Ek's 'n Ier. Dis reg.

251 'n Katoliek, onderhoud gevoer met een of ander priester nou die dag, nie, of, nie nou die dag nie, 'n hele rukkie gelede, hulle het gesê: "As hierdie van God is, alle ware gawes kom van die moederkerk af."

252 Ek het gesê: "Ek was terug in die moeder Kerk vandat ek die Heilige Gees ontvang het." Ek het gesê: "Jy bedoel die moeder van organisasies, nie die moeder Kerk nie. Ons is Daarin gebore, nie Daarby aangesluit nie, Daarin gebore." Dis reg. Goed.

Nou glo ek, (U het genoeg gedoen, Here, ek glo nou.) nou glo ek,
Alle dinge is moontlik, (Glo julle dit?) nou glo ek;
Nou glo ek, nou glo ek,
Alle dinge is moontlik, glo ek nou.

253 Nou laat ons dit verander, sê: "Nou ontvang ek." Sit een hand op jou hart, die ander een op na God.

Nou. . .(Daar is 'n balsem in Gílead, ontvang julle dit?) nou ontvang ek,
Alle dinge is moontlik, ontvang ek nou;
Nou ontvang ek, nou ontvang ek,
Alle dinge is moontlik, ontvang ek nou.

254 Nou, het Hy alles goed gedoen? Het Hy alle dinge gedoen wat Hy belowe het om te doen? Dis reg. Nou, laat ons ons hoofde saam buig, en almal, Hy het gesê: "Op hierdie manier, moet julle bid," almal saam:

Onse Vader Wat in die Hemel is, Laat U Naam geheilig word.
Laat U Koninkryk kom. Laat U wil geskied, soos in die Hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose: Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

Julle sê: "Hoekom het jy dit gedoen, Broer Branham?"

255 In die gebed. . .Hy het gesê: "Op hierdie manier," is alles gedoen. Wat het julle daarin gesê? "Verlos ons van die bose, alle ongeloof, alle siektes, alle kwale, alle beproewinge, alle bygelowe, alles. Verlos ons van die bose."

256 Nou, julle weet ek kan nie in daardie ry afgaan met onderskeiding nie, ek sou—ek sou heeltemal flou word voor ek halfpad daardeur kom. Nou, môre-aand gaan ons onderskeidingsry hê onder by die ander plek; vanaand, gaan ons vir hierdie mense bid.

257 Hoeveel van julle in daardie ry is daar nou plegtig, julle sien hoedat. . .? Ek wil vra, julle praat van 'n wonderwerk, hoe sou 'n man, 'n mens soos ek, daardie dinge weet? Ek kon dit nie doen nie. Hoeveel van julle glo dat dit die einste ding is wat ons Here Jesus gedoen het? Julle glo? Wel dan, daardie salwing waarvan ek julle vertel het, en vir julle die waarheid gepreek het, nou het Jesus afgekom en bewys dis waar. Is dit reg? Toe, het Hy gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Is dit reg? Nou, dit maak my 'n gelowige. Is dit reg? Nou, wat het Hy gesê was 'n

gelowige? "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit reg?

Nou wil ek vir julle iets wys:

258 Pastore, evangeliste, sendelinge, hoeveel van julle is almal gelowiges? Sien? Nou, gaan ek soveel van julle almal wat kan vra, om reguit hier af te kom saam met my. Sien?

259 Ek—ek. . . Nie, die evangelis alles laat doen nie, die mense, ek wil nie hê julle moet julle geloof gebou hê op 'n evangelis nie, ek wil hê julle moet julle geloof gebou hê op julle eie pastoor. Hy is die man wat julle van hier af aan gaan lei, sien. En hierdie manne. . .

Kom ondertoe, party van julle broers. Kom hiernatoe, laat ons 'n dubbelry vorm. Ja, 'n dubbelry.

260 Hierdie manne is manne van God wat glo. Ek gaan reg in die middel van hulle staan, en ons gaan bid. Hoeveel daarbuite gaan ook vir hulle bid, daarbuite? Steek jou hand op. Onthou, daar's iemand se moeder, daar's iemand se vader, daar's iemand se liefling, iemand se kind. Is dit reg? Wel, wat as dit jy was? Wat as dit jou moeder was? Wat as dit jou kind was? Wat as dit jou suster was, jou vrou, jou man? Jy wil hê iemand moet opreg wees, wil jy nie?

Nou, ons gaan bid, en al hierdie manne van God. . .

261 Kom reguit hiernatoe, broers, as julle sal. Kom net reguit af na *hierdie* kant toe, en vorm 'n dubbelry. Weet julle wat? Ek gaan vir julle sê, dit maak my trots in my hart en dankbaar om diensknegte van God te vind wat voor die mense sal staan en sê: "Ek is ook 'n getuie van hierdie Evangelie."

262 Is julle nie trots op julle pastore nie? Sê: "Prys die Here," as julle trots is op hierdie pastore. Ons is trots op ons broers. Amen. Ons is trots op hulle. Hulle is julle pastore. 'n *Pastoor* beteken 'n "herder." Hierdie, elkeen van hierdie manne het net soveel van die salwing om hande op die siekes te lê as wat ek het.

263 Nou, ek's nie 'n prediker nie, hulle is predikers, hulle het 'n hoër amp as wat ek het, myne is 'n profetiese amp, om te profeteer. Nou, hulle is nie, hulle is nie daarvoor gebou nie, hulle is nie daarvoor bestem nie. Maar wat sê die Bybel? "God het in die kerk geplaas, apostels," dis sendelinge: "profete, pastore, leraars, evangeliste." Is dit reg? Hulle is gawes, verordineer deur God en gesalf.

264 Nou, ek het geen geleerdheid nie, dis waarom ek sê ek is nie 'n prediker nie. Hierdie manne kon hierdie Woord neem, en hulle sou nie een van hierdie gawes hoef te gebruik nie, hulle kon net daardie Woord daarbuite lê sodat hulle Satan in so 'n knoop sou vasknoop dat hy nie daaruit kon kom nie. Sien? Maar ek kan dit nie doen nie, dis nie my roeping nie. Hulle word daarvoor geroep. Nou, maar hulle is—hulle is manne van God, elke mens wat deur

God geroep is, is opdrag gegee om hande op die siekes te lê, en hulle sal gesond word. Hoeveel glo dit? Hoe gaan julle dan nie gesond word, om deur 'n boog soos hierdie te gaan nie?

265 Het julle ooit opgelet hoe Salomo sy tempel gebou het? Luister goed, as jy by die deur ingegaan het, wat het gebeur? Daar was Engele uitgekap uit olyfhout met hulle vlerke wat oorgeleuen het, dat elke aanbidder wat na die heilige troon kom, reg afkom onder die punte van hierdie Engel se vlerke, reg af na die genadetroon, reg af na die altaar. Julle ken die orde van Salomo se tempel.

266 Wel, wat is 'n *engel*? 'n "Boodskapper." Kry die woordeboek en vind uit wat 'n *engel* beteken. Party van hulle is Hemelse boodskappers, party van hulle is aardse boodskappers, waarin God woon om Sy aardse Boodskap te bring. En hierdie is boodskappers, engele van die Here, boodskappers aan julle, en hulle staan daar met hulle hande uitgestrek, om te gehoorsaam wat God gesê het: "Lê hande op die siekes, en hulle sal gesond word." Dit moet gebeur, nie waar nie? Glo julle dit, elkeen van julle wat deurkom?

267 Nou, op die orrel daar, *Glo Net*. Laat elke persoon hierbinne julle hoof buig, en soos hierdie mense deur die ry loop, sal ons hande op hulle lê vir hulle genesing. Almal wat bid. Elke prediker, raak hulle aan soos hulle verbygaan.

268 Ons Hemelse Vader, ons bring na U hierdie groot ry mense, hulle is siek, Here, ek bid dat U elkeen van hulle sal genees soos hulle verbygaan onder die salwing van hierdie diensknegte van U. Mag hulle deur hierdie ry gaan en elkeen volkome genees word. In Jesus' Naam.

[Broer Branham bid vir die mense vir vyf minute, baie van sy woorde is ononderskeibaar—Red.] . . .? . . .

269 Nou terwyl hulle staan, lê hande op mekaar, sit nou julle hande oorkant op mekaar. Nou, hierdie is 'n tyd vir julle om . . . Glo julle my?

61-0218 Balsem In Gilead
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org